- vi) Mikro- en praktiese onderwys (om 'n holistiese beeld van leerders se kennis, insig en vaardighede as voornemende opvoeders te bekom).

**OP.2.10 UITTREE- EN VERONDERSTELDE LEEREIS**

OP.2.10.1 **Na die suksesvolle afhandeling van die voorgeskrewe 157 krediete word die Nagraadse Onderwysertifikaat op NKR-vlak 6 toegeken.**

OP.2.10.2 **Die sertifikaat gee toegang tot die Honneurs Baccalaureus Educationis. Die voorafgaande opleiding kan 'n kandidaat egter ook toelating gee tot nagraadse studie in ander studieprogramme.**

**OP.2.11 ANDER REËLS**

OP.2.11.1 **Gerigte waarneming**

- a) 'n Leerder moet voor die aanvang van die kursus minstens twee weke lank 'n goedgekeurde skool vir voorbereidende praktiese onderwys bywoon.
- b) Indien daar grondige redes is waarom 'n leerder nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan dit vroeër/later met skriftelike goedkeuring van die Direkteur gedoen word.

OP.2.11.2 **Praktiese Onderwys**

Alle leerders moet deelneem aan die Praktiese Onderwysprogram. Die Praktiese Onderwys van die voltydseprogram van die afstandsonderrigprogram verskil. Alle leerders moet egter in totaal 8 weke (waarneming ingesluit) Praktiese Onderwys voltooi voordat 'n sertifikaat toegeken kan word.

OP.2.11.2.1 **Voltydse kurrikulum**

'n Leerder moet tydens elke semester 3 weke praktiese onderwys voltooi. Leerders kan vir Praktiese Onderwys buite Potchefstroom geplaas word.

OP.2.11.2.2 **Fleksie kurrikulum**

'n Leerder moet 2 weke gerigte waarneming en 6 weke praktiese onderwys voltooi. Indien die leerder 'n praktiserende onderwyser is, moet teen die einde van die eerste semester bewys gelewer word ten einde vrystelling van die praktiese onderwyskomponent te verkry.

OP.2.11.3 **Neem van verdere akademiese modules**

'n Leerder wat reeds 'n Baccalaureus- of 'n hoër graad besit, mag met toestemming van die Direkteur van die Potchefstroomse Onderwyskollege in die NGOS-studiejaar hoogstens 48 krediete in verdere akademiese modules verwerf.

OP.2.11.4 **Verwerwing van taalendossemente**

Alle leerders moet twee (2) taalendossemente verwerf. Leerders (Nie-moedertaalsprekers) kry op grond van die feit dat matriek geslaag is en 'n eerste graad voltooi is, outomaties a, e en t. Nie-moedertaalsprekers wat wil kwalifiseer vir A, E en T moet aanmeld vir 'n taalbevoegdheidstoets waarvoor addisioneel betaal moet word. Moedertaalsprekers moet ook aanmeld vir 'n outomatiese A, E of T. 'n Jaarlikse datum sal vasgestel word vir die aflegging van taalbevoegdheidstoetse sowel as vir die aanmelding vir die toekenning van AET, ens.

**OP.3 REËLS VIR DIE BACCALAUREUS OPLEIDING EN  
ONTWIKKELING**

Die kwalifikasie word slegs in Engels aangebied. Raadpleeg die Engelse jaarboek vir programbesonderhede.

## **OP.4 MODULE-UITKOMSTE**

### **OP.4.1 B.ED**

#### **AFRD211 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK: PRAKTYKGERIGTE UGO VIR AFRIKAANSONDERWYSERS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die UGO-benadering in die praktyk van Afrikaansonderwys toe te pas; tipiese eienskappe van suksesvolle Afrikaansonderwysers prakties te kan demonstreer; werkbare tekste vir toepaslike grade en groepe te kan identifiseer; 'n sinvolle leerervaring te kan beplan en die sewe rolle van onderwysers in die onderrig van Afrikaans kan vervul; leeraktiwiteite binne gegewe (geïntegreerde) leerervarings aan toepaslike assesseringstandaarde van bepaalde leeruitkomste, (praat, luister, lees, dink en redeneer) te kan koppel en toepaslike leeraktiwiteite kan ontwikkel waaraan leerders se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word.

#### **AFRD321 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK: TAAL- EN SKRYFONDERRIG (ADDISIONELE EN HUISTAAL)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om te kan onderskei tussen die onderrig van 'n huistaal en 'n addisionele taal; relevante benaderings ten opsigte van addisionele taalonderrig te kan beskryf en beoordeel; verworwe kennis en vaardighede oor die onderrig van 'n addisionele taal te kan toepas in die strukturering van leerervarings; begrip en waardering te kan toon vir die kulturele verskeidenheid binne Suid-Afrika en in staat te wees om effektiewe multikulturele kommunikasie te kan fasiliteer; leeraktiwiteite binne gegewe (geïntegreerde) leerervarings aan toepaslike assesseringstandaarde van bepaalde leeruitkomste (skryf, en taal in konteks) te kan koppel en toepaslike leeraktiwiteite te kan ontwikkel waaraan leerders se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word; skoolhandboeke vir Afrikaans te kan vergelyk en beoordeel ten opsigte van die mate waarin sodanige handboeke leerders binne die UGO-benadering in bereiking van die vereiste leeruitkomste kan begelei.

#### **AFRD414 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK: FASILITERING BINNE DIE INTERMEDIËRE FASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die kennis en vaardighede wat deur die loop van die voorafgaande modules verkry is binne die intermediêre fase te kan toepas in die begeleiding van leerders tot die verwerwing van toepaslike taalvaardighede in Afrikaans; in ooreenstemming met die holistiese en tematies-geïntegreerde benaderingswyse van die UGO-model binne hierdie fase te kan beplan en fasiliteer.

#### **AFRD415 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK: PRAKTYKGERIGTE FASILITERING VOLGENS DIE HNVK (GRAAD 7 - 12)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om leermateriaal en leerderaktiwiteite te kan saamstel om huistaal- en addisionele taalleerders in die bereiking van bepaalde leeruitkomste (praat, luister en taal in konteks) te kan begelei; gepaste assesseringsvorme te kan implementeer deur middel waarvan leerders in graad 7 tot 12 se

voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word; verworwe kennis oor die interpretasie en implementering van die HNKV te kan gebruik om geïntegreerde leerervarings, waarbinne die klem op bepaalde leeruitkomste (praat, luister, taal in konteks) geplaas word, te kan saamstel.

**AFRD424 AFRIKAANS VAKDIDAKTIK: FASILITERING BINNE DIE SENIORFASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die kennis en vaardighede wat deur die loop van die voorafgaande modules verkry is binne die seniorfase te kan toepas in die begeleiding van leerders tot die verwerwing van toepaslike taalvaardighede in Afrikaans; om in ooreenstemming met die holistiese en tematies-geïntegreerde benaderingswyse van die UGO-model binne hierdie fase te kan beplan en fasiliteer.

**AFRD425 AFRIKAANS VAKDIDAKTIK: VOORTGESETTE FASILITERING VOLGENS DIE HNVK (GRAAD 7 - 12)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om leermateriaal en leerderaktiwiteite te kan saamstel om huistaal- en addisionele taalleerders in die bereiking van bepaalde leeruitkomste (lees, skryf, dink en redeneer) te kan begelei; gepaste assesseringsvorme te kan implementeer deur middel waarvan leerders in graad 7 tot 12 se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word; verworwe kennis oor die interpretasie en implementering van die HNKV te kan gebruik om geïntegreerde leerervarings, waarbinne die klem op bepaalde leeruitkomste (lees, skryf, dink en redeneer) geplaas word, te kan saamstel.

**AFRH111 AFRIKAANS: 'N ONDERWYSGERIGTE OORSIG OOR DIE AFRIKAANSE LITERÊRE WÊRELD**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse literêre wêreld te bekom; tekste binne 'n bepaalde tydvak of stroming te kan plaas en leerders te kan lei om spesifieke tekste as produkte van spesifieke strominge of tydvakke te kan identifiseer en waardeer; waardering te kan toon vir die ryke verskeidenheid binne die Afrikaanse literêre wêreld en in staat te kan wees om hierdie verskeidenheid binne die skoolsituasie aan leerders bekend te stel.

**AFRH121 AFRIKAANS: ONDERWYSGERIGTE AFRIKAANSE TAALPRAKTYK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die waarde van taalnorme te beredeneer; taalnaalbronne te gebruik om kennis van en insig oor relevante aspekte van die Afrikaanse semantiek te bekom, die ontwikkeling en patroon van die Afrikaanse spelsisteem te beskryf en oor die vaardigheid te beskik om hierdie kundighede aan te wend vir die taalversorging van onderwysrelevante tekste; bewys te kan lewer van verworwe kennis en vaardighede ten opsigte van onderwysrelevante taalgebruikaspekte en sodanige kennis in die fasilitering van taal-leerervaringe te kan gebruik.

**AFRH211 AFRIKAANS: POËSIE EN LINGUISTIEK VIR OPVOEDERS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse poësie te bekom, waardering te kan toon vir die ryke tematiese en verstegniese verskeidenheid daarbinne en in staat te kan wees om hierdie ontsluitingskundigheid te benut om leerders binne die skoolsituasie te lei tot begrip van en waardering vir 'n verskeidenheid van Afrikaanse poëtiese tekste; bewys te kan lewer van die kennis en insig wat ten opsigte van skoolkurrikulumverwante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, fonologie, morfologie, semantiek en sintaksis verwerf is en in staat te wees om sodanige taalkundige aspekte in verskillende gebruikskontekste te identifiseer, te evalueer en vir leerders toeganklik en bruikbaar te kan maak.

**AFRH221 AFRIKAANS: LITERÊRE TEKSTE IN MULTI-KULTURELE PERSPEKTIEF**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om gekose (veral skoolkurrikulumverwante) Afrikaanse tekste van verskillende genres as literêre kunswerke te kan ontsluit; leerders in die skoolsituasie te kan lei om literêre tekste krities te evalueer, funksionele verstegniese aspekte in tekste te kan raaksien en waardeer; bewys te kan lewer van kennis van en waardering vir Afrikaanse tekste vanuit en oor verskillende subkulture binne die Afrikaanse taalgemeenskap en in staat te kan wees om hierdie kennis binne die multi-kulturele skoolpraktyk te kan gebruik; insig te bekom in die aard van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur, die verskeidenheid daarbinne; die voorkeure van tienerlesers daaromtrent en die rol daarvan binne die skoolsituasie.

**AFRH311 AFRIKAANS: ONDERWYSGERIGTE LITERÊR-TEORETIESE TEKSONTSLUITING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om verworwe kennis oor die Afrikaanse literêre wêreld en van literêr-teoretiese aspekte te integreer ten einde literêre tekste op selfstandige wyse te kan ontsluit sodat leerders binne die skoolsituasie tot begrip en waardering van sodanige tekste gelei kan word.

**AFRH321 AFRIKAANS: SOSIO-LINGUISTIEK VIR OPVOEDERS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder kennis van, vaardighede ten opsigte van en waardering vir sosiaal-geïnspireerde variasie binne Afrikaans te toon ten einde in staat te wees om binne multi-kulturele skoolsituasies die gepastheid van registerspesifieke taalgebruiksvorme te kan beoordeel; asook bewys te kan lewer van noodsaaklike agtergrondskennis aangaande die eksterne en interne ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en aangaande skoolverwante taalpolitieke kwessies.

**AGDN311 ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE IN DIE GRONDSLAGFASE-ASPEKTE VAN KLASKAMERORGANISASIE EN BESTUUR**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis ten opsigte van die verskeie aspekte in verband met die onderwyser, die leerder, klaskamerbestuur, organisasie en dissipline in die Grondslagfase te beskik. Daarbenewens moet hy hierdie kennis kan toepas deur inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en samehangend en effektief aan te bied in individuele of

groepsverband asook in geskrewe of mondelinge vorm om hom in staat te stel om sy klas in die toekoms effektief te kan bestuur.

**AMTK212                   AFRIKAANS-KOMMUNIKASIE (M):. EFFEKTIEWE TAALGEBRUIK IN 'N  
VERSKEIDENHEID KONTEKSTE**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om hoëfrekwensie-Afrikaanse woorde korrek te kan spel en relevante taalbronne te kan gebruik om speloute in (leerder) tekste te identifiseer en reg te stel; die waarde en funksie van Standaardafrikaans én van bepaalde nie-standaardvariëteite van Afrikaans te begryp en om hierdie kundigheid te gebruik binne verskillende kontekste deur middel van gepaste taal effektief te kommunikeer, asook om skoolleerders tot sinvolle interaksie binne verskillende kontekste te begelei; verskillende betekenisgebruike van Afrikaanse woorde te begryp en vir leerders toeganklik te kan maak; woordeboeke effektief te kan gebruik om moeilike tekste te ontsluit. Leerders wat in die intermediêre en seniorfase spesialiseer, behoort ook in staat te wees om bewys te kan lewer van oorsigtelike kennis van die KNKV ten opsigte van graad 4 tot 6 en gegewe leerervarings te kan terugvoer na bepaalde aspekte binne die HNKV.

**AMTK322                   AFRIKAANS-KOMMUNIKASIE (M): AKADEMIESE EN  
BEROEPSGERIGTE TAALVAARDIGHEID**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om verworwe kennis en vaardighede ten opsigte van verbale en nie-verbale kommunikasie te kan toepas om toesprake te kan lewer en volgens bepaalde kriteria te kan beoordeel; as applikant of as werkgewer onderhoude te voer en te beoordeel; verworwe kennis van vergaderingtaal en -prosedures toe te pas om vergaderings te reël, te notuleer en te lei; verskillende soorte tekste (onder andere CV's) te kan beoordeel en te kan skep volgens wesenstaard en die struktuur daarvan en volgens die kommunikatiewe effektiwiteit van die spesifieke Afrikaanse variëteit, register en styl wat die skrywer gebruik het; bewys te kan lewer van grondige kennis van en vaardigheid in die Afrikaanse akademiese register (wetenskaplike formuleringswyse, logiese beredeneringslyn, registerspesifisiteit en bibliografiese styl) wat vir die strukturering van referate of artikels vereis word. Leerders wat in die intermediêre en seniorfase spesialiseer, behoort ook in staat te wees om bewys te kan lewer van oorsigtelike kennis van die HNKV ten opsigte van graad 7 tot 9 en gegewe leerervarings te kan terugvoer na bepaalde aspekte binne die HNKV.

**ANTK222                   AFRIKAANS-KOMMUNIKASIE (NM): BASIESE TAALVAARDIGHEID IN  
VERSKILLENDE SOSIALE KONTEKSTE**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om 'n verskeidenheid tekste met selfvertroue, deur die benutting van relevante taalnaaslaanbronne, te kan ontsluit; die korrekte spelvorme van hoëfrekwensie Afrikaanse woorde, sowel as tipies Afrikaanse taalstrukture, in die samestelling van eenvoudige skriftelike tekste te kan gebruik; nuut verworwe Afrikaanse woordeskat effektief en met selfvertroue in verskillende sosiale kontekste vir basiese interpersoonlike kommunikasie te kan gebruik.

**ANTK312                   AFRIKAANS: KOMMUNIKASIE (NM) – ONDERWYSRELEVANTE  
TAALVAARDIGHEDE**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om 'n verskeidenheid tekste met selfvertroue, deur die benutting van relevante taalnaaslaanbronne, te kan ontsluit; tipiese

Afrikaanse taalstrukture en die korrekte spelvorme van, die deur hul gekose woorde, in samestelling van skriftelike tekste te kan gebruik; nuut verworwe Afrikaanse woordeskat effektief en met selfvertroue in kommunikasiesituasies binne die onderwyspraktik te kan aanwend en vir eenvoudige skoolpraktykrelevante skriftelike kommunikasie te kan gebruik.

**BESD411                    BESIGHEIDSTUDIES VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die nasionale kurrikulumverklaring van toepassing op Besigheidstudies in die VOO-fase krities te analiseer, te sintetiseer en te evalueer, die vaardigheid te toon in die ontwikkeling van onderwyserportefeuljes, effektief te assesser, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede en om die vak Besigheidstudies effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 10- tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**BEST131                    BESIGHEIDSTUDIES: ONTWIKKELING VAN BESIGHEIDSIDEES EN UITDAGINGS EN ENTREPRENEURSKAP**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die konsep entrepreneurskap en die ontwikkeling van besigheidsidees te kan weergee en inligting rakende verwante begrippe te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van die besigheidsumgewing en besigheidstudie te toon, inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband uit te voer om probleme in toekomsgerigte besigheidsveld kreatief op te los.

**BEST141                    BESIGHEIDSTUDIES: ONTWIKKELING VAN 'N BESIGHEIDSPAN**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die daarstelling van 'n besigheidspan te kan weergee en inligting oor bemaking en finansiering te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van die funksionering van 'n besigheid in die Suid-Afrikaanse ekonomie te kan toon, inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer om probleme op relevante besigheidsidees en -terreine kreatief op te los.

**BEST151                    BESIGHEIDSTUDIES: BEGINSTRATEGIEË VAN 'N BESIGHEID**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë tot die toetreding tot die formele besigheidsektor te kan weergee, inligting oor beginstrategieë te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van internasionale besighede en vertolking van e-besighede te toon en inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die genoemde leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer en probleme op relevante vraagstukke kreatief op te los.



**BEST161                    BESIGHEIDSTUDIES: BESTUUR VAN 'N BESTAANDE BESIGHEID**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die bestuur, organisering en personeelvoorsiening van 'n besigheid te kan weergee en inligting oor verwante begrippe te kan versamel, organiseer en interpreteer, 'n goeie begrip van kontrole en leierskap te kan toon en inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die genoemde leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer en probleme op relevante praktykgerigte vraagstukke kreatief te kan oplos.

**BEST231                    BESIGHEIDSTUDIES: SAKEBESTUUR**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot die sakewêreld en bestuurswese te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van oprigtingsvraagstukke beskik, verwante inligting te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en interpreteer, die vermoë toon om inligting rakende ondernemingsvorms samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband met behulp van die nodige tegnologie.

**BEST241                    BESIGHEIDSTUDIES: ALGEMENE BESTUURSBEGINSELS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot algemene bestuur te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van basiese beplanningselemente en organisering te beskik, inligting daaroor te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en die vermoë toon om samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in hierdie verband te maak en dit aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van tegnologiese vaardighede.

**BEST251                    BESIGHEIDSTUDIES: FUNKSIONELE BESTUUR VAN DIE BESIGHEID**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot funksionele bestuur te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van bemarking, openbare betrekkinge en finansies beskik, inligting daaromtrent te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, die vermoë te kan toon om inligting oor die besigheidsektor samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in hierdie verband te kan maak en aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van tegnologiese vaardighede.

**BEST261                    BESIGHEIDSTUDIES: OPERASIONELE BESTUUR EN EIETDSE  
BESTUURSVRAAGSTUKKE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot die operasionele bestuur te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van aankoop en voorsieningsbesuur te beskik, inligting in eietydse bestuursvraagstukke te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, samehangend en betroubaar te kan

kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in dié verband te kan maak en dit aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van tegnologiese vaardighede.

**BEST311                    BESIGHEIDSTUDIES: BEMARKING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van bemarking as 'n bestuursfunksie te beskik en 'n ingeligte begrip te kan toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot die determinante van bemarking, die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in dié verband om te gaan deur gebruik te maak van grafieke en teoriegedrewe argumente, IT-vaardighede effektief te gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en oor die vermoë te beskik om hierdie funksie samehangend en betroubaar aan leerders in 'n klaskamersituasie op individuele vlak of in groepsverband te kommunikeer.

**BEST321                    BESIGHEIDSTUDIES: STRATEGIESE BESTUUR**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van strategiese bestuur te beskik en 'n ingeligte begrip te kan toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot die strategiese bestuursproses, die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in dié verband om te gaan deur gebruik te maak van grafieke en teoriegedrewe argumente, IT-vaardighede effektief te gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te kan analiseer en te interpreteer en oor die vermoë beskik om strategiese bestuur samehangend en betroubaar aan leerders in 'n klaskamersituasie op individuele vlak of in groepsverband te kan kommunikeer.

**BIOD412                    LEWENSWETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy oor die nodige kennis, insig, kritiese denke, vaardighede, gesindhede en waardes beskik om Lewenswetenskappe te beskryf as wetenskap, om die verband tussen lewenswetenskappe, tegnologie en samelewing krities te evalueer en aan te toon wat die implikasies daarvan is vir die onderrig van Lewenswetenskappe in die VOO-fase.

**BIOD422                    LEWENSWETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy oor die nodige kennis, insig, kritiese denke, vaardighede, gesindhede en waardes beskik ten opsigte van die fasilitering van 'n verskeidenheid onderrigssituasies in die Lewenswetenskappe. Bewys moet ook gelewer kan word van hoe praktiese werkstoepassings en probleemoplossingsvaardighede deur selfstandige ondersoeke asook binne groepsverband gefasiliteer te kan word in die aanleer van onder andere laboratoriumtegnieke.

**BIOL111                    LEWENSWETENSKAPPE:    INLEIDING TOT BASIESE CHEMIE, MIKROSKOPIE, SITOLOGIE, SELLULÊRE METABOLISME**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy oor die nodige kennis, insig, vaardighede en waardes beskik ten opsigte van die volgende onderwerpe: data-analise, die wetenskaplike metode, basiese chemie en biochemie, mikroskopie, sitologie asook

die sellulêre prosesse: fotosintese, selrespirasie, mitose, meiose en proteïensintese. Hy moet oor die vermoë beskik om hierdie onderwerpe binne skoolkurrikulêre konteks te kan fasiliteer.

**BIOL121 LEWENSWETENSKAPPE: PLANTKUNDE - TAKSONOMIE, ANATOMIE EN FISILOGIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreeer dat hy verskeie voorbeelde van die prokariote, fungi, protista en die planteryk kan identifiseer, sorteer, klassifiseer en toepaslike vergelykings kan maak. Hy moet ook kennis, begrip en vaardighede demonstreeer rakende die morfologie en anatomie van blomplante en die volgende aspekte van plantfisiologie: waterverlies en wateropname, waterbeweging in plante, opname en vervoer van stowwe, plantgroei-stowwe en plantbewegings, asook die rol van water, opgeloste stowwe en gasse; groei by plante en plantbewegings (koördinasie); opname en vervoer van stowwe.

**BIOL211 LEWENSWETENSKAPPE: DIERKUNDE :- TAKSONOMIE, ANATOMIE EN FISILOGIE VAN DIE MENS:- TERMINOLOGIE, HISTOLOGIE, VERVOER- EN IMMUNSTELS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die vermoë te hê om organismes wat aan die ryke Protista en Animalia behoort, korrek te kan klassifiseer, 'n digotome sleutel te kan opstel en kan toepas as instrument in die klassifikasieproses en om verskeie voorbeelde vergelykend te kan bestudeer. Hy behoort ook oor die nodige kennis, vaardighede en begrip ten opsigte van die volgende onderwerpe te beskik: terminologie wat in anatomie en fisiologie gebruik word, histologie van soogdierweefsels, die kardiovaskulêre-, limf- en immuunsisteem. Die leerder moet oor die vermoë beskik om hierdie onderwerpe binne skoolkurrikulêre konteks te fasiliteer.

**BIOL221 LEWENSWETENSKAPPE: ANATOMIE EN FISILOGIE VAN DIE MENS:- BEWEGING, VOEDING, GASWISSELING, UITSKEIDING, TERMOREGULERING EN KOÖRDINASIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstreeer dat jy oor die nodige kennis, insig, kritiese denke, vaardighede, gesindhede en waardes beskik ten opsigte van die volgende onderwerpe: Osteologie, miologie, voeding, gaswisseling, uitskeiding, termoregulering en koördinasie (senuwee en chemies). Jy moet oor die vermoë beskik om hierdie onderwerpe binne skoolkurrikulêre konteks te fasiliteer.

**BIOL311 LEWENSWETENSKAPPE: DIE MENS EN SY/HAAR OMGEWING**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van: verskillende benaderingswyses tot die ekologie, met die klem op energievloei en biochemiese kringlope in ekosistels en populasiedinamika met die klem op gemeenskapsekologie, bevolkingsekologie en biologiese beheer, asook die menslike impak op verskillende ekosistels.

**BIOL321 LEWENSWETENSAPPE: DIE MENS EN SY/HAAR VOORTBESTAAN**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van kennis, vaardighede en die wetenskaplike hantering van voortplanting *by die mens*, die verskillende beginsels in die erflikheidsleer kan toepas en 'n wêreldbekoulike uitspraak kan lewer ten opsigte van evolusie.

**BSTD411 BESIGHEIDSTUDIES VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die nasionale kurrikulumverklaring van toepassing op Besigheidstudies in die VOO-fase krities te kan analiseer, sintetiseer en te evalueer, die vaardigheid te toon in die hantering van klaskamer-administrasie, klaskamerorganisasie en kreatiwiteit, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede en om die vak Besigheidstudies effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 10- tot-12 leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**BSTD421 BESIGHEIDSTUDIES VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die nasionale kurrikulumverklaring van toepassing op Besigheidstudies in die VOO-fase krities te kan analiseer, te sintetiseer en te evalueer, die vaardigheid te toon in die implementering van assessering, lesbeplanning, aktiewe leer- en onderrighulpmiddels binne en buite die klaskamer, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede en om die vak Besigheidstudies effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 10- tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**BWKD412 BEWEGINGSKUNDE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Hierdie module behandel die teoretiese aspekte van die aanbieding van die vak in die onderwyspraktyk. Metodologiese aspekte wat bestudeer word, is onder andere die uitkomsgebaseerde onderrigbenadering met betrekking tot Bewegingskunde in die skool, die beplanning en struktuur van 'n aanbiedingsprogram, toepaslike veiligheidsaspekte, spesifieke onderwystegnieke, die benutting en improvisasie van apparaat en hulpmiddels asook die inkorporering van 'n verskeidenheid verbandhoudende bewegingsaktiwiteite waarin studente bewys moet lewer van kennis- en aanbiedingsbevoegdheid.

**BWKD422 BEWEGINGSKUNDE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Hierdie module vereis die praktiese aanbieding van Bewegingskunde in 'n skoolsituasie met dosenteleiding. 'n Minimum getal praktiese aanbiedings is verpligtend wat deur die dosent sowel as mede-studente geëvalueer word. 'n Metodologies-kritiese benadering geld met as doelwit, die verbetering en verryking van die aanbiedingsvaardigheid van die student. 'n Navorsingsopdrag moet ook voltooi word.

**BWKH131                    BEWEGINGSKUNDE: WATERAKTIVITEITE EN SPELE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis van die onderrig en verantwoordelikheid van waterverwante bewegingsaktiwiteite te kan weergee, en 'n verskeidenheid waterverwante aktiwiteite en bewegingspele prakties te kan uitvoer en aanbied.

**BWKH141                    BEWEGINGSKUNDE: TOEGEPASTE ANATOMIE EN FISILOGIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis van die teoretiese aspekte van die skelet- en spierstelsel, die fisiologiese onderbou van geselekteerde liggaamstelsels asook die fiksheidskonsep te kan weergee soos van toepassing op die studieveld van Bewegingskunde, en die verbandhoudende implikasies daarvan in die onderwyspraktyk toe te pas.

**BWKH151                    BEWEGINGSKUNDE: GRONDSLAG EN ONTWIKKELING VAN  
BEWEGINGSKUNDE EN SPORT**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis van die prinsipiële begroting en historiese ontwikkeling van die vakterrein asook goed gedefinieerde probleme ten opsigte van die ontwikkeling van Bewegingskunde vanuit die literatuur te kan oplos.

**BWKH161                    BEWEGINGSKUNDE: OPVOEDKUNDIGE GIMNASTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis met betrekking tot die onderrig van gimnastiese bewegingsvorme te kan weergee, en 'n verskeidenheid gimnastiese bewegingsaktiwiteite insluitende gimnastrade, maatsoefeninge en spanbou-gimnastiek, prakties te kan uitvoer en aanbied.

**BWKH231                    BEWEGINGSKUNDE: EVALUERING EN OEFENKUNDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van verskillende metodes van evaluering en assessering van bewegings- en sportvaardighede as deel van die skoolprogram; sowel as spesifieke wetenskaplike beweging- en sport-inoefeningsbeginsels en -tegnieke te kan weergee, vergelyk en prakties te kan toepas.

**BWKH241                    BEWEGINGSKUNDE: OPVOEDKUNDIGE DANS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van kreatiewe, funksionele en ekspressiewe bewegingsvorme wat bydra tot die uitbreiding van bewegingskat, insluitende skoolverwante programinhoud, houdingsbewustheid, ritme, basiese musiekbeginsels, choreografie, tradisionele passe en die ontwerp van bewegingspatrone, te kan weergee, vergelyk en prakties te kan aanbied en toepas.

**BWKH251                    BEWEGINGSKUNDE: INLEIDING TOT SPORTBESTUUR**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis van die teoretiese onderbou en waarde van moderne sportbestuurbeginsels insluitende die aanbied van sporttoernooie en sportdae, te kan weergee en dit te kan toepas in die onderwyspraktik.

**BWKH261                    BEWEGINGSKUNDE: INLEIDING TOT SPORTSIELKUNDIGE ASPEKTE EN SPELE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van 'n teoretiese onderbou en insig in die waarde van 'n sportpsigologiese benadering vir die afrigter asook die toepassing vir die onderwyspraktik te kan weergee. Jy moet in staat wees om praktykgerigte vaardighede te ontwikkel deur praktiese deelname asook die aanbieding van 'n verskeidenheid spelevaardighede insluitende temas soos: die sosialisering deur speledeelnemers, beginsels by die aanbied van 'n speleprogram, fisieke kondisionering in speleverband, toepaslike gedragskodes en vaardighedsontwikkeling.

**BWKH311                    BEWEGINGSKUNDE: PERSEPTUEEL MOTORIESE ONTWIKKELING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis ten opsigte van die fases van perseptueel-motoriese ontwikkeling en verskillende bewegingsvermoë van skoolleerders te kan weergee, vergelyk en te gebruik om motoriese probleme asook die vaardighede van talentvolle skoolleerders te kan identifiseer en aan te spreek.

**BWKH321                    BEWEGINGSKUNDE: SPORTBESERINGS EN SPORTVAARDIGHEDEN**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van die basiese identifikasie en behandeling van algemeen-sportverwante beserings te kan weergee en toe te pas. Die module vereis verder praktiese deelname waarna jy in staat behoort te wees om vaardighede in enkele geselekteerde sportsoorte te demonstreer, en aan te bied.

**BYOB521                    BYKOMENDE ONDERWYSKUNDIGE BEVOEGDHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis te kan weergee van die gebruik van rekenaarprogrammatuur en -apparatuur in die onderwys, hierdie verworwe kennis te kan toepas op die selektering van programmatuur en apparatuur wat geskik is vir die onderwys, moontlike uitlegte van rekenaarloke te kan vergelyk en evalueer, finansiële implikasies van rekenaargebruik vir die skool te kan beredeneer en 'n eie mening te kan gee oor die etiese en morele aspekte ten opsigte van rekenaargebruik in die onderwys. Verder behoort jy grondige kennis te kan weergee van vaardigheid en te kan demonstreer in rekenaargeïntegreerde onderrig en toetsing, en die sinvolle toepassing daarvan in die onderwys.

**EKON131                    EKONOMIE: INLEIDING TOT DIE EKONOMIE (DEEL 1)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die konsep ekonomie en die ekonomiese probleem te kan weergee en inligting rakende verwante begrippe te versamel,

organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van die produksie- en verdelingsvraagstukke in 'n gemengde ekonomie te toon, inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer en om probleme op relevante ekonomiese terreine kreatief te kan oplos.

**EKON141                    EKONOMIE: INLEIDING TOT DIE EKONOMIE (DEEL 2)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die meting van ekonomiese prestasie te kan weergee en inligting oor nasionale inkomme te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van die ontwikkeling en prestasie van die RSA se ekonomie te toon, inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer en om so probleme op relevante ekonomiese terreine kreatief te kan oplos.

**EKON151                    EKONOMIE: INLEIDING TOT DIE EKONOMIE (DEEL 3)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot resente ekonomies-verwante onderwerpe en -vraagstukke te kan weergee, inligting oor strategiese hulpbronne in die RSA te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van die gebruik en die vertolking van grafieke te toon en inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die genoemde leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer en probleme op relevante ekonomiese terreine kreatief te kan oplos.

**EKON161                    EKONOMIE: INLEIDING TOT DIE EKONOMIE (DEEL 4)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot prysvorming, elasticiteit en ekonomiese stabiliteit te kan weergee en inligting oor verwante begrippe te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van sakesiklusse en inflasie te toon en inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied en opdragte rakende die genoemde leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer en probleme op relevante ekonomiese terreine kreatief te kan oplos.

**EKON231                    EKONOMIE: AGTERGROND TOT VERBRUIKERSKEUSE, PRODUKSIE EN KOSTE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot vraag en aanbod te toon en oor 'n grondige kennisbasis van die teorie van verbruikerskeuse te beskik, verwante inligting te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, die vermoë kan toon om inligting rakende die teorie van produksie en koste samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband en 'n seleksie van inligting te maak en dit aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede.

**EKON241                    EKONOMIE: MEDEDINGING, EKONOMIESE-,  
STREEKSONTWIKKELING EN VERSTEDELING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot volmaakte en onvolmaakte mededingende markte te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van ekonomiese- en streeksontwikkeling beskik, inligting daaroor te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en die vermoë toon om samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in hierdie verband te maak en dit aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede.

**EKON251                    EKONOMIE: DIE ARBEIDSMARK, -VERHOUDINGE EN DIE MONETÊRE  
SEKTOR**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot die arbeidsmark te toon en oor 'n grondige kennisbasis van arbeidsverhoudinge te kan beskik, inligting daaromtrent te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, die vermoë toon om inligting oor die monetêre sektor samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in hierdie verband te kan maak en dit te kan aanbied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede.

**EKON261                    EKONOMIE: DIE OWERHEIDSEKTOR**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot die owerheidsektor, belasting en fiskale beleid te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van mark- en owerheidsmislukking, openbare en privaat besit en funksies van die staat te beskik, inligting in dié verband te kan versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in dié verband te kan maak en dit aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede.

**EKON311                    EKONOMIE: MAKRO-EKONOMIESE VRAAGSTUKKE (DEEL 1)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van ekonomies- verwante vraagstukke, eenvoudige Keynesiaanse makro- ekonomiese modelle en makro- ekonomiese teorieë en beleid te beskik en 'n ingeligte begrip te toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot internasionale handel, armoede, ekonomiese integrasie en produktiwiteit, die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in dié verband om te gaan deur gebruik te maak van grafieke en teoriegedrewe argumente, IT-vaardighede effektief te gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en samehangend en betroubaar te kan kommunikeer in individuele of in groepsverband.

**EKON321                    EKONOMIE: MAKRO-EKONOMIESE VRAAGSTUKKE (DEEL 2)**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van inflasie, werkloosheid, ekonomiese groei en ontwikkeling, toerisme en die meting



van geld se waarde te beskik en 'n ingeligte begrip te kan toon van sleutel terme, reëls, konsepte en beginsels in dié verband, die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting om te gaan deur gebruik te maak van onbekende berekeningsmetodes en teoriegedrewe argumente, IT-vaardighede effektief te kan gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband

**EKON412                    EKONOMIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van die nasionale kurrikulumverklaring te beskik en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot skoolverwante onderwerpe, kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in dié verband, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede, samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband en die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 10- tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**EKON422                    EKONOMIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van verskeie skoolverwante onderwerpe te beskik en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van verwante beginsels en teorieë, kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in dié verband, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief te kan aanbied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede, samehangend en betroubaar te kan kommunikeer in individuele of in groepsverband en die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 10- tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**ENGD211                    ENGLISH SUBJECT DIDACTICS: AN INTRODUCTION IN THE OBE  
CONTEXT**

2 hours 3:2

Learners should be able to interpret second language acquisition theories and variables and evaluate various methods of teaching English as a second language. Learners should be able to apply the principles of outcomes-based teaching in their design and selection of appropriate learning material and the evaluation and assessment of learning outcomes in the English classroom. They should be able to demonstrate ability to identify tasks related to the seven educator roles as depicted by the National Policy Document

**ENGD321                    ENGLISH SUBJECT DIDACTICS: APPLIED DIDACTICS FOR THE  
ENGLISH SUBJECT TEACHER**

2 hours 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis weer te gee oor die werking van die rekenaar, ontwikkeling van rekenaarstelsels en elementêre rekenaarargitektuur, asook die impak wat die rekenaar op die omgewing en samelewing het, en te kan kommunikeer. Verder behoort jy vaardig te wees in die uitvoer van bewerkings in verskillende getalstelsels, en onderrig-leer rakende hierdie onderwerpe en dit kan fasiliteer.

**INTO141 INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: MENS-REKENAARINTERAKSIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die basiese kennis te kan weergee oor verskeie rekenaargerigte loopbane en toekomstige tendense aan te spreek. Jy moet goedgedefinieerde onbekende probleme oplos met behulp van MS Visio en basiese vaardighede demonstree om 'n webblad met die gebruik van *MS Office Frontpage* te ontwerp. Jy moet ook in staat wees om hierdie onderwerpe in die onderrig-leersituasie te kan fasiliteer.

**INTO151 INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: REKENAARBEGINSELS EN DATAVOORSTELLING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis van datavoorstellingstegnieke, datavloei, logika beginsels, bedryfstelsels en verskeie rekenaartale te kan weergee en elementêre goed- gedefinieerde en verwante, maar onbekende, praktykgerigte probleme daarmee te kan oplos en die oplossing skriftelik te kan kommunikeer, en ook vaardigheid demonstree in die fasilitering daarvan in die onderrig-leersituasie.

**INTO161 INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: ALGORITME-ONTWERP EN PROBLEEMOPLOSSING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis weer te gee oor die analise van 'n probleem, sowel as vaardighede in probleemoplossing en ontwerp van algoritmes te kan demonstree. Jy behoort ook in staat te wees om programmeringsvaardighede in 'n hoëvlaktaal te demonstree t.o.v. veranderlikes en die gebruik van lus- en keusestrukture, om onbekende praktykgerigte probleme daarmee op te los. Jy behoort voorts in staat te wees om onderrig-leer van dié vaardighede te fasiliteer.

**INTO231 INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: DATABASISONTWERP MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis van die ontwerp van databasisse, wat insluit kennis van data-integriteit, sekuriteit en geldigheid, die beplanning van die ontwerp van 'n databasis skriftelik te kan weergee en vergelyk, en basiese vaardighede



te toon in normalisering van data, skep van tabelle, relasies, navrae, vorms en verslae en elementêre goedgedefinieerde en verwante, maar onbekende, praktykgerigte probleme daarmee te kan oplos deur gebruik te maak van Microsoft Access asook in die fasilitering daarvan in die onderrig-leersituasie.

**INTO241                    INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: GEVORDERDE DATABASIS  
PROGRAMMERING MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om gevorderde vaardighede te kan toon in hantering van databasiskonsepte, navrae, vorms, verslae en makro's en elementêre goedgedefinieerde en verwante, maar 'n onbekende, praktykgerigte projek daarmee te kan saamstel wat die verworwe konsepte en beginsels binne een databasis integreer en die oplossing op rekenaar deur gebruik te maak van Microsoft Access te kan demonstreer.

**INTO251                    INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: INLEIDING TOT  
OBJEKGEORIËNTEERDE PROGRAMMERING**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module behoort jy basiese kennis van visuele programontwerp en objekgeoriënteerde programmering te kan toepas ten einde die praktiese vaardighede in die skryf van elementêre Delphi-programme te kan demonstreer. Jy moet ook die fasilitering van hierdie kennis en vaardighede in die onderrigsituasie kan demonstreer.

**INTO261                    INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: GEVORDERDE  
OBJEKGEORIËNTEERDE PROGRAMMERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om gevorderde kennis van objekgeoriënteerde programmering te kan toepas ten einde praktiese vaardighede te demonstreer in die skryf van Delphi programme. Jy sal, met behulp van gevorderde programmeringstegnieke, 'n algoritme moet kan skryf vir 'n probleem wat gedefinieer is, die algoritme moet kan kodeer, ontfout, uitvoer en toets. Jy moet ook in staat wees om hierdie kennis en vaardighede in die onderrigsituasie te kan demonstreer.

**INTO311                    INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: DATABASIS-,  
OBJEKGEORIËNTEERDE EN INTERNETPROGRAMMERING**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde en sistematiese vaardighede te kan demonstreer om die inhoud van 'n databasis, objekgeoriënteerde en Internet-programmering met behulp van 'n programmeertaal te vertoon. Jy moet ook 'n projek ontwikkel om alle uitkomst te integreer.

**INTO321                    INLIGTINGSTEGNOLOGIE-ONDERWYS: DATAKOMMUNIKASIE EN  
NETWERKE**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van rekenaarnetwerke, die Internet en datahantering binne 'n netwerk te kan weergee, verskillende tipes netwerke, maniere en media van datakommunikasie en netwerktopologieë te kan vergelyk, goedgedefinieerde onbekende praktykgerigte probleme rakende rekenaarnetwerke te kan oplos en die onderrig-leer aangaande rekenaarnetwerke in die onderwyssituasie te kan fasiliteer.

Verder behoort jy die kort- en langtermynimplikasies van die Internet en die sinvolle gebruik daarvan in die onderwys te kan bespreek en evalueer.

**KNSD412 KUNS VAKDIDAKTIEK**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om afgeronde en sistematiese kennis te kan reflekteer ten opsigte van die nuutste HNKV vir kuns en kultuur as leerarea tot graad 9, asook kuns en sy deeldisiplines in graad 10 tot 12. Verder moet hy ten opsigte van kunsonderwyspraktyk, skoolleerderportefeuljies kan beplan en ontwerp, toegepaste kennis verwerf het van assesseringstyle asook volledige verslaghouding, algemene kunsklasorganisasie en administrasie.

*Prakties:* Leerders moet binne groepsverband 'n kinderkunsausstalling en/of -wedstryd kan organiseer. Verder moet die leerders betrokke raak by 'n kunsverwante gemeenskapsdiensprojek wat tot afronding kom en terugrapportering onder KNSD422. Die leerder moet in staat wees om finale samestelling, afronding en voorbereiding van alle praktiese werk van vorige modules in kuns vir die skryf van 'n CD in KNSD422 te kan fasiliteer.

**KNSD422 KUNS VAKDIDAKTIEK**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om nuut verwerwe kennis, insigte en vaardighede ten opsigte van kunsonderwyspraktyk en geïntegreerde digitale tegnologie te kan toepas in mikrolesse, gebaseer op die reeds saamgestelde vakdidaktiekleër gerugsteun deur verwerkte internetartikels. Deur 'n brongebaseerde benadering en verdere internetverkenning moet die leerder tot eie kreatiewe oplossings kom vir entrepreneurskap en verdere loopbaanmoontlikhede met kuns as basiese vertrekpunt. Verder moet die leerder inleidende toegepaste kennis kan vertoon oor die skryf van 'n navorsingsvoorstel met 'n gerigte tema op kunsonderwyspraktyk.

*Prakties:* Die beplande CD wat begin is in KNSD412 van die leerder se persoonlike praktiese werk word nou geskryf. Die finale stadium van afhandeling/uitvoering en rapportering van die gemeenskapsdiensprojek word nou bereik. Verder word 'n toneeldekor beplan en gebou as groepprojek.

**KNSG121 KINDERKUNSONTWIKKELING: VIR ONDERWYSLEERDERS IN DIE GRONDSLAGFASE**

1½ uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder toegepaste kennis in kinderkuns in die volgende fases te kan demonstree: krabbelstadium; simbolestadium en die stadium van skematisering; individuele verskille en ooreenkomste in kinderkuns kan identifiseer en assessee; inklusiewe navorsingsresultate kan lewer ten opsigte van die diversiteit van kinderkuns in die grondslagfase van ons plurale samelewing en navorsingsresultate kan lewer ten opsigte van vakspesifieke temas wat gegee sal word.

**KNSH131 KUNS: KREATIEWE EKSPLORASIE MET KUNSMATERIAAL EN GEREEDSKAP VIR TWEEDIMENSIONELE UITBEELDINGSWERK – KUNS-HISTORIES BEGROND**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstree dat hy die praktiese vaardighede in die gebruik van kunsmateriaal en -gereedskap vir tweedimensionele uitbeeldingswerk bemeester het. Benewens die basiese vaardighede in visuele gebruik en

toepassing van kunsmateriaal en -gereedskap, moet die leerders in die module bewys kan lewer van oorspronklike en kreatiewe sieninge en werkswyses; visuele navorsingsresultate kan toon vir skoolpraktyk in kunsopvoeding; begrip toon vir die visuele vormtaal in die beeldende kuns soos van toepassing op kunsonderwyspraktyk.

**KNSH141 KUNS: BASIESE ONTWERP EN PRODUKSIEMETODES VIR KUNSONDERWYS**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreeer dat hy basiese ontwerp as komposisionele raamwerk vir visuele uitbeelding bemeester het. Die leerders moet praktiese uitbeeldingswerk kan lewer ten opsigte van werkopdragte voortspruitend uit bg. modulebeskrywing; toegepaste praktiese kennis, begrip en insig kan toon vir basiese ontwerp; die visuele vormtaalelemente van teken- en skilderkuns verstaan en kan kommunikeer in praktiese uitbeeldingswerk.

**KNSH151 KUNS: VISUELE KUNS EN KOMMUNIKASIE , TOEGEPAS IN DIE VORM EN INHOUD VAN DIE VISUELE KUNSPRODUK GEFUNDEER IN DIE ONTWIKKELING VAN KINDERKUNS**

2 uur 3:2

Na die voltooiing van hierdie module behoort die leerder te demonstreeer dat hy kennis en begrip kan toon vir die ontwikkeling van kinderkuns. Die leerders moet kennis en begrip toon vir die verskillende fases in kinderkunsontwikkeling; basiese insig en kennis oor visuele kommunikasie in kuns, visueel en anders kan kommunikeer; inklusiewe navorsingsresultate kan lewer ten opsigte van die diversiteit van kinderkuns in die intermediêre, en seniorfase, van ons plurale samelewing.

**KNSH161 KUNS: DIE VERBAND TUSSEN DIE BEELDENE KUNS EN GERIGTE KUNSGESKIEDENIS VIR ONDERWYSLEERDERS**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreeer dat hy die struktuur en prosedure binne die verband tussen die beeldende kuns, soos van toepassing op die leerarea Kuns en Kultuur, bemeester het. Die leerders moet kritiese individuele denke ontwikkel in die bestudering van kunsgekieiedenis; wetenskaplike kennis kan kommunikeer in die kunsgekieiedenis binne die raamwerk van die verband tussen die beeldende kuns; kennis kan toon dat kunsgekieiedenis, kunstenaars en die beeldende kuns nie in isolasie bestaan; 'n holistiese siening ontwikkel in die plasing van kunsgekieiedenis en die beeldende kuns in sosiale verband, spesifiek gefokus op prehistoriese kuns, Egiptiese kuns en die kuns van Afrika.

**KNSH231 KUNS: ONDERWYSGERIGTE KUNSGESKIEDENIS, KUNSWAARDERING EN PRAKTIESE WERK**

2 uur 3:2

In hierdie module sal die leerder 'n kritiese individuele denke en kennis moet ontwikkel van die kuns van die Griekse beskawing, Keltiese kuns, Bisantynse kuns en argitektuur asook die kuns en argitektuur van die Gotiek, praktiese inleiding tot kalligrafie en aanverwante kuns.

**KNSH241 KUNS: INLIGTING- EN EKO-ONTWERP MET GEVORDERDE TEKENKUNS EN REKENAARVAARDIGHEDE VIR KUNSONDERWYSLEERDERS**

2 uur 3:2

In hierdie module sal die leerder die basiese vaardighede moet ontwikkel van inligtingontwerp en toepaslike rekenaarkurrikulum vir praktiese gebruik in ontwerp-kuns. Kunstgeskiedenis: tekenkuns van die Italiaanse Renaissance. Barokkuns en die Rococo met verdere verwysing na die argitektuur van die periodes.

**KNSH251 KUNS: KREATIWITEIT IN DIE KUNSAKTIWITEIT MET DIE FOKUSAREA: REGTERBREIN-HEMISFEER-ONTWIKKELING**

2 uur 3:2

Kreatiwiteitsontwikkeling as basis vir kunsonderwys word hier as uitkomst gestel vir hierdie module, met die klem op die regterbreinhemisfeer. Die leerder sal ook deur praktiese kunsaktiwiteite en toepassingsmoontlikhede daarvan moet bewys lewer van vaardighede in die module deur hom/haar bemeester.

**KNSH261 KUNS: KUNSGESKIEDENIS, ATELJEEBESTUUR EN ENTREPRENEURSKAP VIR DIE KUNSONDERWYSER EN LEERARESPESIALIS**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy die tegniek van pen- en -inksketswerk, gekombineer met waterverf-was, in die uitbeelding van anorganiese vormgewing bemeester het. In aansluiting by die kunstgeskiedenis moet die leerders verder hulself op driedimensionele wyse kan uitbeeld deur middel van modelbou in die vorm van 'n Kaaps-Hollandse huis. Ten opsigte van die kunstgeskiedenis behoort die leerders die SA-kuns en argitektuur van die 18de eeu in Europese perspektief te kan stel.

**KNSH311 KUNS: GEÏNTEGREERDE KUNSGESKIEDENIS EN KREATIEWE VLYTE VIR ONDERWYS-PRAKTYK MET DIE FOKUSAREA: DIE KUNSTENAAR AS PERSOONLIKHEID**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder: kritiese individuele denke te ontwikkel het in die bestudering van kunstgeskiedenis en -waardering; wetenskaplike kennis kan kommunikeer in die kunstgeskiedenis binne die fokusarea van die persoonlikheid van die kunstenaar; kennis kan toon dat kunstgeskiedenis, kunstenaars en die beeldende kuns nie in isolasie bestaan nie, 'n holistiese siening ontwikkel het in die plasing van kunstgeskiedenis en -waardering in sosiale verband; praktiese kreatiewe vlyte met die teoretiese basis as grondslag.

**KNSH321 KUNS: TOEGEPASTE ONTWERP, SKILDERKUNS, ASOOK 'N GRAFIESE PROSES, BESKOU TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE KUNSGESKIEDENIS EN ARGITEKTUUR VAN DIE 20STE EEU**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van skilderkunsvaardighede, toegepaste ontwerp en 'n grafiese proses. Ten opsigte van Kunstgeskiedenis behoort leerders kennis en insig te kan vertoon in die kunstgeskiedenis en argitektuur van die 20ste eeu.

**LAKD211 LEERAREA KUNS EN KULTUUR VAKDIDAKTIEK**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige kennis en begrip te kan demonstreer ten opsigte van die plek van die leerarea kuns en kultuur binne uitkomsgebaseerde onderwys – dit verder te kan analiseer, interpreteer en evalueer, binne die konteks van: a) skepping, interpretasie en aanbieding asook b) uitdrukking en kommunikasie, c) die skoolleerder wat in vooruitsig gestel word in hierdie leerarea en d) die organiserende beginsels van die leerarea. Verder moet die verworwe basiese kennis kulmineer in praktykgerigte lesontwerp en -beplannings na aanleiding van die versamelde lesidees uit die vakdidaktieklêers vir kuns wat nou 'n aanvang geneem het.

**LAKD321 LEERAREA KUNS EN KULTUUR VAKDIDAKTIEK**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige kennis en begrip te kan demonstreer ten opsigte van a) besinning en b) deelname en samewerking binne hierdie leerarea. Leerders moet ook die sewe rolle van die onderwyser in lyn kan bring, ontleed en vergelyk, met 'n empiriese ondersoek gerugsteun deur internethavens oor die ideale kuns- en kultuuronderwyser. Die leerder moet 'n waardegedrewe perspektief kan stel op kuns en kultuur as leerarea soos vergestalt in die HNKV, gefokus op die vier leeruitkomstes. Praktykgerigte lesaanbiedings uit die nou reeds gevorderde vakdidaktieklêers moet kulmineer in mikrolesaanbiedings.

**LAKD412 LEERAREA KUNS EN KULTUUR VAKDIDAKTIEK**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om omvattende, sistematiese en kritiese kennis, vaardighede en waardes te demonstreer aangaande die volgende didaktiese beginsels: a) die samestelling van leerderportefuljes in kuns en kultuur; b) volledige verslaghouding en c) voorgestelde vorme van assessering; d) onderrigmetodes; e) die onderrig van Afrikaritmies, soos van toepassing op musiek en f) die rol van spel in musiek. Verder moet die leerder 'n inleidende kennis kan demonstreer vir die aanbieding van 'n navorsingsvoorstel gekoppel aan die leerarea. Leerders moet in groepverband betrokke raak by 'n gemeenskapsdiensprojek of -opleidings, waarvan die eindresultate moet realiseer in LAKD422.

**LAKD422 LEERAREA KUNS EN KULTUUR VAKDIDAKTIEK**

3 uur 3:21

Na voltooiing van hierdie module in toegepaste didaktiese beginsels, behoort jy in staat te wees om nuutverworwe omvattende sistematiese en kritiese kennis, insigte en vaardighede saam te kan stel in die finale afgeronde vakdidaktieklêer, gerugsteun deur internetartikels by elke voorgestelde aktiwiteit. Terugrapportering/vertoning en optrede as eindresultaat van die gemeenskapsdiensprojek wat in LAKD412 begin is, word nou gelewer. Verder moet die leerder praktykgerigte klaskamerbestuur/-organisasie en 'n begroting selfstandig kan beplan, opstel en aan die praktyk toets. Leerders behoort na 'n grondige bestudering van musiekonderrigmetodes, kreatiewe dansonderrigmetodes, musiek-storievertellings en inklusiewe onderrig in die leerarea Kuns en Kultuur in staat te wees om al die kunste (dans, drama, musiek en visuele kuns) geïntegreerd in die praktyk aan te bied.

**LAKH111 LEERAREA KUNS EN KULTUUR**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy 'n deeglike begrip van kreatiewe prosesse en 'n breë, algemene kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreer; sodat hulle in elk van die kunsvorms kan skep, interpreteer en aanbied.

**LAKH121 LEERAREA KUNS EN KULTUUR**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy 'n breë, algemene kennis, deeglike begrip en vaardighede te kan demonstreer ten opsigte van uitdrukking en kommunikasie in elk van die kunsvorme. In musiek en dans vind hierdie uitdrukking en kommunikasie plaas deur middel van liggaam, stem en verskeie instrumente en ten opsigte van sosiale en kulturele vraagstukke, rituele, praktyke, erfenisse, vooroordele en die impak van tegnologie en die massamedia op musiek en dans en waar van toepassing op kuns en drama.

**LAKH211 LEERAREA KUNS EN KULTUUR**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy krities en skeppend te kan besin oor die kuns- en kulturele prosesse, -produkte en -style in die konteks van die hede en die verlede. Hierdie grondige, verbandhoudende kennis moet praktykgerig toegepas kan word binne die leerarea Kuns en Kultuur.

**LAKH221 LEERAREA KUNS EN KULTUUR**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepsdeelname aan kuns- en kulturele aktiwiteite te kan demonstreer en praktykgerig kan toepas en kennis en vaardigheid kan demonstreer ten opsigte van die ontwikkeling van kreatiwiteit binne leerareaverband.

**LAKK121 SPESIALE LEERAREA KUNS EN KULTUUR**

1½ uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy bewys te kan lewer van deeglike begrip en 'n breë, algemene kennis en vaardighede ten opsigte van die elemente en grondbeginsels van kuns asook soos van toepassing op musiek ten opsigte van klank en musikale toon van musiek in die leerarea Kuns en Kultuur. Verder moet die leerder oor 'n breë algemene kennis beskik oor die samestelling en inhoud van die leerarea kuns en kultuur wat ook prakties en teoreties gedemonstreer moet word in die uitvoering van gepaste werkopdragte wat gegee word.

**LALO111 SPESIALE LEERAREA LEWENSORIËTERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis te kan weergee van verbandhoudende studietemas vanuit die Hersiene Nasionale Leerplan, onder andere perspektiewe aangaande geloofsaspekte en waardestelsels, die belang van 'n menseregtebeskouing, verhoudingstigting en persoonlikheidsontwikkeling, kritiese ingesteldheid en besluitnemingsprosesse, beroepsvoorligting, die aanleer van 'n gesonde lewenstyl en fisieke ontwikkeling; en elementêre goed gedefinieerde en verwante probleme van skoolleerders daarmee te kan aanspreek.

**LANH111 LEERAREA NATUURWETENSAPPE: MATERIE EN MATERIALE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van kennis en insig ten opsigte van die samestelling van materie, die verskillende fases van materie, en basiese chemiese reaksies. Leerders moet onderwyspraktikgerigte praktiese vaardighede en tegnieke kan demonstreer.

**LANH121 LEERAREA NATUURWETENSAPPE: AARDE EN DIE BUITENSTE RUIMTE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om basiese kennis oor die aarde en die buitenste ruimte te demonstreer. Leerders moet begrip kan demonstreer oor planetêre geografie; klimatologie; oseanografie; geomorfologie en kartografie. Die leerder behoort ook verder in staat te wees om basiese kennis en insig te demonstreer ten opsigte van die begrippe binne hierdie temas soos die aarde se plek in die sonnestelsel; die gevolge van omwenteling en aswenteling; die gebruik van lengtelyne om tyd te bereken; die invloed van die maan op die aarde; die aarde se atmosfeer; uitstraling en hittebalans; lugsirkulasie en vogtigheid in die atmosfeer; sinoptiese weerkaarte; die verdeling van land en water; die rol van die oseane; basiese beginsels van geomorfologie en die bou van die aarde; rotstipes en die verandering van die aarde met betrekking tot interne en eksterne kragte. Leerders sal oor die vermoë moet beskik om inligting te versamel, kommunikeer, analiseer en sintetiseer deur in 'n groep saam te werk.

*Prakties:* Kartografie - leerders sal kaartwerkvaardighede aanleer deur na tipes kaarte, gebruik van kaarte, rigting, die berekening van skale, afstande, oppervlaktes en gradiënt op 'n kaart, asook om reliëfkenmerke te identifiseer.

**LANH211 LEERAREA NATUURWETENSAPPE: LEWE EN LEWENDE WESENS**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van kennis, insig en vaardighede met betrekking tot lewende organismes, biodiversiteit, die basiese lewensprosesse en die beskrywing van verskillende benaderingswyses tot ekologie met die klem op biochemiese kringlope in ekosistels.

**LANH221 LEERAREA NATUURWETENSAPPE: ENERGIE EN ENERGIEVERANDERING**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het ten opsigte van energiebronne, energie-omsettings, energievloei deur ekosisteme, en die impak van die mens se energiebehoefte op die omgewing.

**LANW111 SPESIALE LEERAREA NATUURWETENSAPPE: LABORATORIUMBESTUUR EN DIDAKTIEK, MATERIE, LEWE, ENERGIE, PLANEET AARDE**

1½ uur 1:1

'n Oorsigtelike studie van die natuurwetenskappe binne die konteks van die volgende temas: laboratoriumbestuur en didaktiek; materie en materiale; energie en verandering; lewe, die planeet aarde en die buitenste ruimtes. Onderwysstudente moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel ten opsigte van die daarstelling van 'n effektiewe leerkultuur en leeromgewing in 'n

goed georganiseerde laboratorium; wetenskaplike ondersoek en tegnieke; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; hantering van apparaat en tegnieke vaardighede; begrip vir die aarde as selfonderhoudende omgewing wat effektief beheer moet word.

**LASW111                    SPESIALE LEERAREA SOSIALE WETENSAPPE: ORIËTERING IN  
SOSIALE WETENSAP**

1½ uur 1:1

Leerders moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; hantering van vaardighede; om sodoende 'n bydrae te maak tot die verbetering van die menslike en sosiale toestande in Suid-Afrika.

**LATG121                    LEERAREA TEGNOLOGIE - INLEIDING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n basiese kennis van die leerarea Tegnologie te kan demonstreer deur die probleemoplossende en kreatiewe aard van die leerarea tegnologie en die unieke metodologie daarvan in onderrigpraktyk te kan toepas. Jy behoort die tegnologiese proses te verstaan en in die konteks van tegnologiese probleme te kan toepas, evalueer en kommunikeer. Basiese kennis van prosessering en die toepassing daarvan in die ander kennisareas van tegnologie behoort gedemonstreer te word. Jy behoort die rol van tegnologie-opvoeding in welvaartskepping in 'n land te kan evalueer en rasionaliseer, asook 'n etiese verantwoordelike houding tydens die onderrig en gebruik van tegnologie te kan demonstreer.

**LEBW121                    SPESIALE LEERAREA EKONOMIESE WETENSAPPE: INLEIDING TOT  
EKONOMIESE ORIËTERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van sleutel terme, erkende beginsels en teorieë met betrekking tot die leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te kan weergee en inligting rakende verwante begrippe te versamel, organiseer en te interpreteer, 'n goeie begrip van die sleutelaspekte van Besigheidstudies, Rekeningkunde en Ekonomie te kan toon en inligting in hierdie verband samehangend en betroubaar te kan aanbied, opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese, gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig.

**LEER111                    LEER- EN LEESONTWIKKELING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder kennis te dra van die aard van die universiteit en universitêre studie; kennis van hom as leerder te hê; kennis te hê van verskillende leerstrategieë wat by hom en die leerstof pas om leerinhoud te bemeester, integreer, toe te pas en eie kennisraamwerke te konstrueer; kontakgeleenthede met dosente en leerders effektief in die leerproses te benut; doeltreffend en doelmatig tyd kan bestuur doeltreffend vir die eksamen kan voorberei en beter eksamen kan skryf as individu en in 'n groep probleemoplossend te werk kan gaan; beter toegerus te wees met lewensvaardighede; 'n minimumvlak van leesvaardigheid hê.



**LEOH132 LEERDERONDERSTEUNING: KONTEKSTUELE SOSIALE PROBLEME**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van die disharmoniese opvoeding- en onderwyssituasie van leerders met spesiale behoeftes, die harmoniëring van sodanige disharmoniese situasies, die rol van die assesserder in die assessering van emosionele, gedrags- en leerprobleme, en van multikulturele assessering.

**LEOH142 LEERDERONDERSTEUNING: INDIVIDUELE SOSIALE PROBLEME**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van die volgende individuele sosiale probleme: tweedetaal-probleme, substansmisbruik by leerders, kindermishandeling, leerders in 'n oorgangsituasie, armoede, leerders met dreigende selfmoord, leerders wat ontwrigtende en uitdagende gedrag in die klas toon, leerders wat in 'n egskeidingsituasie van hul ouers verkeer, leerders wat trauma en post-traumatische stres ervaar, en leerders met aandagstoornisse.

**LEOH152 LEERDERONDERSTEUNING: INLEIDING TOT SKOOLVOORLIGTING**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van die doel en funksie van Skoolvoorigting, bemagtiging van leerders ten opsigte van die toekoms, die persoonlike profiel van die skoolvoorigteronderwyser, inleiding tot lewensvaardighede en etiek in skoolvoorigtingberading.

**LEOH162 LEERDERONDERSTEUNING: OPVOEDKUNDIGE AKADEMIESE SKOOLVOORLIGTING**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van leestegnieke en studiemetodes, keuse van vakke en 'n skool vir leerders in graad 7, keuse van vakke, vlak van vakke en 'n studieprogram vir leerders in graad 9, entrepreneurskap en probleemoplossing, besluitneming en bestuur.

**LEOH232: LEERDERONDERSTEUNING: SOSIALE SKOOLVOORLIGTING**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van gesins- en geslagsopvoeding, gesondheidsbevordering, lewensoriëntering, sosiale vraagstukke en sosiale psigologie.

**LEOH242: LEERDERONDERSTEUNING: PERSOONLIKHEIDSVoorligting**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van kinderontwikkeling, persoonlikheid en aanpassing, individuele verskille en selfkennis.

**LEOH252 LEERDERONDERSTEUNING: LEERDERS MET NEURALE  
GESTREMDHEID**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van leerders met neurale en serebrale gestremdheid en epilepsie, en van die assessering en ondersteuning van hierdie gestremdhede.

**LEOH262 LEERDERONDERSTEUNING: LEERDERS MET FISIEKE  
GESTREMDHEDE**

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van leerders met fisieke, sensoriese en verstandelike gestremdhede, en van die assessering en ondersteuning van hierdie gestremdhede.

**LEOH312 LEERDERONDERSTEUNING: LEERDERS MET LEERPROBLEME**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van die assessering en ondersteuning van leerders met motoriek-, persepsie-, taal-, lees-, spelling-, skryf- en wiskunde probleme.

**LEOH322 LEERDERONDERSTEUNING: BEROEPSVOORLIGTING**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van beroepskeuse teorieë, beroepsvoorligting in Suid-Afrika, beroepskennis, stappe in die keuse van 'n beroep, werksontledings en die ontwerp van vraelyste in beroepsvoorligting.

**LEWD211 LEERAREA EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE  
VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë met betrekking tot die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op die leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die intermediaire en seniorfase te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van portefeuljes, klaskameradministrasie en klaskamerorganisasie te beskik, inligting daarvoor te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en die vermoë toon om samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in hierdie verband te kan maak en dit vervolgens te kan aanbied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede om die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes te kan gebruik.

**LEWD321 LEERAREA EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE  
VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van die nasionale kurrikulumverklaring van toepassing op die leerarea Ekonomiese

en Bestuurswetenskappe in die intermediêre en seniorfase te beskik en 'n ingeligte begrip te kan toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot assessering, onderrig hulpmiddels binne en buite die klaskamer en lesbeplanning, die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in dié verband om te gaan deur gebruik te maak van grafieke en teoriegedrewe argumente, IT-vaardighede effektief te gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en samehangend en betroubaar te kan kommunikeer in individuele of groepsverband.

**LEWD422 LEERAREA EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE  
VAKDIDAKTIK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die nasionale kurrikulumverklaring van toepassing op die leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die intermediêre en seniorfase krities te kan analiseer, te sintetiseer en te evalueer, die vaardigheid te toon in die ontwikkeling van onderwyserportefeuiljies, effektief te assesser, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede en om die vak Ekonomiese en Bestuurswetenskappe effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 4- tot 9-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**LEWG111 LEWENSWAARDIGHEDE GRONDSLAGFASE: LEWENSORIËNTERING  
EN GELOOFSAKE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis van die leeruitkomste wat deur die Hersiene Nasionale Kurrikulum vir Lewensoriëntering in die Grondslagfase voorgeskryf word, te kan demonstreer. Jy behoort verder 'n goeie begrip te demonstreer ten opsigte van geloofsaspekte en waardestelsels van verskillende godsdienste wat in Suid-Afrika aangetref word.

**LEWG121 LEWENSWAARDIGHEDE GRONDSLAGFASE: MUSIEK**

2 uur 1:1

Leerders moet oor 'n breë, algemene kennis, 'n deeglike begrip van al die musiekkonsepte en al die musiekvaardighede beskik. Die leerder moet kan demonstreer hoe die jong skoolleerder hierby betrek kan word. Leerders moet ook musiek kan lees en skryf en deur middel van kitaar skoolleerders kan begelei.

**LEWG211 LEWENSWAARDIGHEDE GRONDSLAGFASE: MUSIEK:**

2 uur 1:1

Leerders moet 'n grondige kennis en ingeligte begrip van musiek hê. Die jong leerder se ontwikkeling, didaktiese beginsels in musiek en die toepassing daarvan binne die HNKV moet deur die leerder demonstreer kan word. Die leerder moet bewus wees van die verbande tussen die kunste asook die toepassing van assessering in lesbeplanning. Leerders moet hulle kennis en vaardighede uitbrei, naamlik om musiek te lees en skryf en op kitaar, blokfluit en Orff-instrumente te speel.

**LEWG221                    LEWENSWAARDIGHEDE GRONDSLAGFASE:  
GESONDHEIDSBEVORDERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om ingeligte begrip te kan toon van die sleutel terme van lewensvaardighede vir grondslagfaseleerders. Jy behoort ook 'n grondige kennisbasis ten opsigte van fisiese en psigiese aspekte van gesondheidsbevordering asook die hantering van MIV/Vigs-verwante vraagstukke vir grondslagfaseleerders te kan demonstreer.

**LEWG322                    LEWENSWAARDIGHEDE GRONDSLAGFASE:  
OMGEWINGSBEVORDERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om ingeligte begrip te kan toon van die verskillende aspekte waaruit die leerprogram Lewensvaardighede bestaan. Jy moet ook kritiese begrip demonstreer van leerareas wat verwant is aan omgewingsleer en aantoon hoe hierdie ondersteunende dissiplines aangewend kan word om omgewingsbevordering by grondslagfaseskoolleerders te fasiliteer.

**LEWV112                    LEWENSWAARDIGHEDE**

1½ uur 1:1

Die doel van hierdie module is om die ontwikkeling van lewensvaardighede te fasiliteer. Tydens die onderrig van lewensvaardighede word daar gefokus op die groei en ontwikkeling van die leerder tot sy/haar volle potensiaal en die verbetering van lewenskwaliteit. Sosiale welstand en sukses word bevorder en disfunksionele gedrag word voorkom in veral moeilike, stresvolle situasies. Lewensvaardighede bemagtig die leerder om op 'n konstruktiewe wyse die probleme en uitdagings van die lewe aan te pak en die eise van sy/haar studies en voornemende beroep as onderriggewer, te hanteer.

**LEWV211                    LEWENSWAARDIGHEDE**

2 uur 1:1

Die kursus is 'n voortbouing op LEWV111. Dit gaan oor die fasilitering van lewensvaardighede wat nodig is om in 'n voortdurend veranderende samelewing te kan aanpas. Tydens die onderrig van lewensvaardighede word gefokus op die bemagtiging van studente om verantwoordelikheid te neem vir hulle studies, om selfbestuursvaardighede te ontwikkel en om hul denkte te bevorder. Die oogmerk is om studente in staat te stel om besluite te kan neem, om gesonder verhoudings te kan handhaaf en om doelwitte te kan stel en om beroepsgereed te wees.

**LLOD211                    LEERAREA LEWENSORIËNTERING VAKDIDAKTIK**

2 uur 1:1

Die leerder moet kundigheid en vaardigheid kan demonstreer as effektiewe fasiliteerder in die praktyk van die vakmetodiek van die leerarea Lewensoriëntering. Die assessering van die module beklemtoon veral die effektiewe praktiese klasaanbieding en evaluering van mede-aanbieders.

**LLOD321 LEERAREA LEWENSORIËNTERING VAKDIDAKTIEK: NAVORSING**

2 uur 1:1

Die leerder moet kundigheid en vaardigheid kan demonstreer as effektiewe fasiliteerders en navorsers in die praktyk van die vakmetodiek van die leerarea Lewensoriëntering. Die module behels praktiese lesaanbieding en navorsing in die skoolpraktyk.

**LLOD412 LEERAREA LEWENSORIËNTERING VAKDIDAKTIEK: ALGEMEEN**

2 uur 1:1

Die leerder moet bewys kan lewer van bevoegdheid ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes betreffende kurrikulering, begrippe, die ontwikkeling van leerprogramme, opstel van werkskemas en verslae, asook die basiese beginsels van lesaanbieding in die leerarea Lewensoriëntering teen die agtergrond van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring ten opsigte van die uitkomste-gesondheidsbevordering, sosiale ontwikkeling en persoonlike ontwikkeling.

**LLOD422 LEERAREA LEWENSORIËNTERING VAKDIDAKTIEK: SPESIFIEKE NAVORSING**

2 uur 1:1

Die leerder moet bewys kan lewer van bevoegdheid ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes betreffende kurrikulering, begrippe, die ontwikkeling van leerprogramme, opstel van werkskemas en verslae, asook die basiese beginsels van lesaanbieding in die leerarea Lewensoriëntering teen die agtergrond van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring ten opsigte van die uitkomste oriëntasie tot die wêreld van werk (beroepsvoorligting) en fisieke ontwikkeling en beweging.

**LMWD211 LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis en deeglike begrip te kan demonstreer ten opsigte van die plek van Sosiale Wetenskappe binne uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) en onderskeidelik die plek van Geskiedenis en Geografie binne die Sosiale Wetenskappe te kan analiseer en verduidelik. Verder moet die leerder oor die grondige kennis en toepaslike vaardighede beskik om 'n Geografie- en Geskiedenisles, as subdissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp, te implementeer en te demonstreer tesame met 'n kreatiewe integrering en toepassing van 'n brongebaseerde benadering in die Sosiale Wetenskappe en die atlas as toepaslike hulpmiddel.

**LMWD321 LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor die grondige kennis en toepaslike vaardighede te beskik om 'n gevorderde Geografie- en Geskiedenisles, as subdissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp, te implementeer en te demonstreer asook kundig en kreatief ander leerareas hierby te integreer. Verder moet die leerder die onderskeie onderrigbenaderings in die Sosiale Wetenskappe verstaan en evalueer om gevolglik die korrekte benadering effektief in leerervarings te implementeer asook kreatief en effektief van gepaste onderrighulpmiddels gebruik te maak. Die leerder moet ook in staat wees om 'n gepaste omgewingsprojek, as deel van omgewingswaarde-opvoeding, te kan inisieer, te bestuur en te assesser volgens die korrekte UGO-beginsels en -voorskrifte.

**LMWD412 LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik om spesifieke vaardighede geïntegreerd te ken toepas om 'n Sosiale Wetenskappe-leerervaring sistematies en kreatief te ontwerp, effektief te ontplooi en volgens eie oordeel te laat verwesenlik binne die breë raamwerk van uitkomsgebaseerde onderwys, alle beskikbare onderwysstrategieë, -metodes en -tegnieke te kan evalueer, die effektiefste keuses vir spesifieke gebruikte te kan maak en kreatief, logies en sistematies in die praktyk te implementeer.

**LMWD422 LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik om kritiese vaardighede geïntegreerd en koherent toe te pas om korrekte summatiewe en formatiewe deurlopende assesseringsmetodes, -tegnieke, toetsing en eksaminering van Sosiale Wetenskapstemas in die intermediêre fase te verseker, te laat verwesenlik en gevolglike leerderportefeuljies effektief, sistematies en praktykgerig te kan saamstel.

**LNWD211 LEERAREA NATUURWETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK: SENIORFASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstree dat jy oor die nodige kennis, insig, kritiese denke, vaardighede, gesindhede en waardes beskik om begeleidende departementele dokumentasie as uitgangspunt te gebruik vir fasilitering van die leerarea Natuurwetenskap in die seniorfase; natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstree deur selfstandige ondersoek.

**LNWD321 LEERAREA NATUURWETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK: SENIORFASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstree dat jy oor die nodige kennis, insig, kritiese denke, vaardighede, gesindhede en waardes beskik om demonstrasies, praktiese werkstoepassings en probleemoplossing deur selfstandige ondersoek asook binne groepsverband te fasiliteer in die aanleer van onder andere laboratoriumtegnieke.

**LNWD412 LEERAREA NATUURWETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK: INTERMEDIÊRE FASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstree dat jy in staat is om die NKV op 'n praktiese en didakties-grondige wyse vir die leerarea Natuurwetenskappe Intermediêre fase te implementeer. Jy behoort ook insig te toon in die rol wat uitkomst in die beplanning van lesse speel, asook die beplanning van lesse suksesvol te kan uitvoer.

**LNWD422 LEERAREA NATUURWETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK: INTERMEDIÊRE FASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om aspekte van assessering en laboratoriumorganisasie in die leerarea Natuurwetenskappe (Intermediêre fase) suksesvol te kan implementeer.

**LTGD211 LEERAREA TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van die onderrig en leer van die leerarea Tegnologie te kan demonstreer deur die gepaste beleidsdokumente, onder andere die HNKV, vir Tegnologie te kan ontleed, interpreteer en evalueer, en in praktiese onderrig te kan toepas. Jy moet leerprogramriglyne op effektiewe wyse kan toepas in die beplanning en implementering van fases, werkskedules, lesbeplanning en assessering, soos wat dit in die praktyk van onderrig sal plaasvind. Jy moet die rasionaal van die leerarea Tegnologie en die realiteite van die implementering daarvan in skole kan ontleed, evalueer en aanbevelings kan maak.

**LTGD321 LEERAREA TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde en sistematiese kennis van onderrig- en leerstrategieë, veral om probleemgebaseerde leer te kan demonstreer. Jy behoort kurrikulering in praktyk, soos toegepas in lesbeplanning in praktiese lesaanbiedings kan implementeer, asook verskillende media-ondersteuning en assesseringstegnieke vir verskillende onderrigsituasies kan evalueer en motiveer.

**LTGD412 LEERAREA TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n omvattende kennis van assessering, klaskamerorganisering en klaskamerpraktyk, soos in die verskillende fases toegepas word, kan weergee en implementeer in 'n onderrigsituasie. Jy behoort oor die vaardighede te beskik om die administratiewe eise van die onderrig van die leerarea Tegnologie op effektiewe wyse te kan hanteer soos benodig word vir organisering van praktiese lesse en projekte, en die samestelling van leerder- en fasiliteerdersportefuljies. Jy behoort omvattende kennis en insig oor veiligheidsaspekte by die praktiese onderrig van Tegnologie te kan demonstreer.

**LTGD422 LEERAREA TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort jy 'n omvattende en sistematiese kennis van die praktyk van die onderrig van die leerarea Tegnologie te kan demonstreer deur dit met insig en vaardighede in die Intermediêre en Seniorfase te kan implementeer. Dit sluit in die toepassing en integrering van leeruitkomste en assesseringstandaarde tydens leerprogramontwikkeling vir 'n spesifieke onderrigsituasie.

**NASD412 NATUUR- EN SKEIKUNDE VAKDIDAKTIEK: CHEMIE**

3 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort jy bekend te wees met 'n verskeidenheid leersituasies wat verband hou met praktiese werk in chemie, insluitende selfstandige ondersoeke; demonstrasies en praktiese werk binne groep- en individuele verband om sodoende suksesvol as fasiliteerder te kan optree. Jy behoort oor die nodige kennis, insig en kritiese denkvaardighede te beskik om die veiligheid van praktiese aktiwiteite in die skoollaboratorium en -klaskamer te kan evalueer en geskikte praktiese aktiwiteite vir 'n bepaalde leerdervlak te identifiseer. Na voltooiing van die module behoort die belang van praktiese werk in die ontwikkeling van 'n empiriese

natuurwetenskap, soos chemie, te kan aantoon om sodoende in staat te wees om positiewe gesindhede en waardes in verband hiermee by leerders te kweek.

**NASD422                    NATUUR- EN SKEIKUNDE VAKDIDAKTIEK: FISIKA**

3 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstreeer dat jy oor die nodige kennis, insig, kritiese denke, vaardighede, gesindhede en waardes beskik in die gebruik van wetenskaplike begrippe in Fisika in toepassing en probleemoplossing deur selfstandige ondersoeke; 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke ten opsigte van Fisika te kan fasiliteer.

**NASH111                    NATUUR- EN SKEIKUNDE: ATOME, MOLEKULE, VERBINDINGS EN STOIGIOMETRIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstreeer dat jy oor die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes asook die nodige praktykrelevansie ten opsigte van die volgende inhoude beskik: die beskrywing van die aard van chemie, eienskappe van materie; toestand van materie en meting; molekule en verbindings en wiskundige berekening en die wetenskaplike hantering van die beginsels van chemiese reaksies.

**NASH121                    NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE MEGANIKA EN WARMTELEER**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstreeer dat jy oor die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes beskik ten opsigte van die beskrywing van reglynige beweging en beweging in 'n plat vlak; die toepassing van Newton se bewegingswette in 'n verskeidenheid situasies; die wetenskaplike hantering van die begrippe arbeid en energie en ten opsigte van warmte as vorm van energie; die termiese uitsetting van vaste stowwe en vloeistowwe; die geleiding van warmte en faseveranderings; die toepassing van die eerste twee wette van termodinamika; die wetenskaplike hantering van die begrip entropie.

**NASH211                    NATUUR- EN SKEIKUNDE: GEVORDERDE MEGANIKA EN INLEIDENDE ELEKTRISITEITSLEER**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstreeer dat jy oor die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes beskik ten opsigte van die toepassing van Newton se universele gravitasiewet; die wiskundige hantering van momentum en botsings; die beskrywing van rotasiebeweging; die praktykrelevansie van inhoude asook die wetenskaplike hantering van elektrostatiese kragte; elektriese velde; elektrostatiese potensiaal; elektriese stroom; die wet van Ohm en die praktykrelevansie van inhoude.

**NASH221                    NATUUR- EN SKEIKUNDE: ATOOMSTRUKTUUR EN INTERMOLEKULÊRE KRAGTE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy te kan demonstreeer dat jy oor die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes, asook die nodige praktykrelevansie ten opsigte van die volgende inhoude beskik: die ontwikkeling van die atoomstruktuur; die verwantskap tussen atoomstruktuur en chemiese eienskappe van element en verbindings; elektronstruktuur en



periodisiteit; die rangskikking van atome in verbindings en die kragte wat 'n rol speel in die vorming van molekules; die fisiese en chemiese beskrywing van gasse; intermolekulêre kragte werksaam in vloeistowwe en vaste stowwe; onderskeid tussen verskillende tipes oplossings; die hantering van konsentrasies; bindingstipes en molekulêre struktuur van verskeie organiese entiteite.

**NASH311                    NATUUR- EN SKEIKUNDE: DIE BEGINSEL VAN REAKTIWITEIT**

3 uur 1:1

Die leerder moet bewys kan lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van chemiese ewewig; sure en basisse; elektrochemie; enkele organiese verbindings en die praktykrelevansie van inhoude.

**NASH321                    NATUUR- EN SKEIKUNDE: ELEKTRISITEIT EN MAGNETISME;  
OSSILASIES EN GOLWE**

3 uur 1:1

Die leerder moet bewys kan lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van magnetiese velde en kragte; elektromagnetiese induksie; eenvoudige wisselstroombane; ossilasies en golwe; interferensie en diffraksie; ligkwanta en die praktykrelevansie van inhoude.

**NAVR421                    NAVORSING IN DIE OPVOEDKUNDE**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy op grond van die kennis en vaardighede van die verskillende aspekte van navorsing wat met die module *NAVR321, navorsing in die Opvoedkunde* verwerf is, 'n praktiese navorsingsopdrag van beperkte omvang te kan uitvoer en 'n navorsingsverslag te kan skryf wat aan basiese wetenskaplike vereistes voldoen.

**OPSK514                    LEERDERONDERSTEUNING EN LEWENSORIËNTERING  
VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om leerderondersteuning en lewensoriëntering te kan fasiliteer of aan te bied ooreenkomstig die behoeftes wat die praktyk stel aan die voornemende onderwyser. Die leeruitkomste ten opsigte van leerderondersteuning in hierdie module is: assessering en ondersteuning van leerders met alle soorte probleme, geremdheids- en gestremdhede as spesiale behoeftes. Leerders sal die assessering en ondersteuning prakties in alle kontekste moet kan uitvoer, te wete in skool-, huis-, sosiale-, en kultuurkonteks. Dit sluit in kennis, vaardighede en houdings oor evaluering, remediëring, onderhoudvoering, multi-professionele skakeling en verslagskrywing ten opsigte van leerders met spesiale behoeftes. Die leeruitkomste ten opsigte van Lewensoriëntering in hierdie module is: die inrig en organisasie van die skoolvoorligtingslokaal, vorme (metodes) en skoolvoorligting, onderwysmiddele en skoolvoorligting, onderhoudvoering, verslaggewing in skoolvoorligting, steungewing in skoolvoorligting en multikulturele skoolvoorligting.

**OPVK112                    OPVOEDKUNDE: BASIESE INLEIDING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om insig te toon in die grondbeginsels van die filosofie van die opvoeding met verwysing na onder andere die ontologiese, epistemologiese, antropologiese en samelewingsteoretiese voorveronderstellings,

aan te toon hoe hierdie grondbeginsels jou denke en dae gaan beïnvloed en die interaksie tussen die opvoeder en die opvoeding in die opvoedingsgebeure vanuit 'n ekosistemiese benadering kan beskryf.

**OPVK121                    OPVOEDKUNDE: INLEIDING TOT ONDERRIGLEER, KURRIKULUM EN ASSESSERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om insig in die verband tussen opvoeding, onderrig en leer te kan demonstreer, 'n effektiewe leerder te beskryf en die praktiese implikasies van leerstyle en leerstrategieë vir onderrig te kan aantoon, basiese kennis en vaardigheid te demonstreer in die keuse, beplanning en implementering van direkte en indirekte onderrig-leersituasies wat bevorderlik is vir leer in 'n verskeidenheid kontekste, 'n basiese kurrikuleringsiklus te beskryf en die komponente van 'n UGO-kurrikulum te identifiseer en te omskryf, die uitkomsgebaseerde Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) te interpreteer en op mikrovlak te kurrikuleer met inagneming van alle moontlike leerbehoefes en hindernisse tot leer, leer binne 'n UGO-konteks te assesseer en vanuit 'n eie waardesisteem die verskillende onderrigparadigmas te evalueer.

**OPVK212                    OPVOEDKUNDE: LEER EN ONDERRIG**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis en vaardighede te kan demonstreer ten opsigte van die behaviouristiese en kognitiewe leerteorieë en dit krities te kan evalueer, effektiewe leer ooreenkomstig elkeen te ontleed, veranderlikes wat leer volgens hierdie teorieë beïnvloed, te bespreek, effektiewe onderrigstrategieë soos gesien vanuit die perspektief van elk van die leerteorieë te kan saamstel en krities te evalueer, assessering van leer volgens hierdie teorieë te kan bespreek en bepaalde navorsingsvaardighede te kan demonstreer.

**OPVK311                    OPVOEDKUNDE: LEER EN ONDERRIG**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis en vaardighede te kan demonstreer ten opsigte van konstruktivistiese en sosiaal-kognitiewe leerteorieë en dit krities te kan evalueer, effektiewe leer ooreenkomstig elkeen te ontleed, veranderlikes wat leer volgens hierdie teorieë beïnvloed te kan bespreek, effektiewe onderrigstrategieë soos gesien vanuit die perspektief van elk van die leerteorieë te kan saamstel en krities te evalueer, assessering van leer volgens hierdie teorieë te kan bespreek en bepaalde navorsingsvaardighede te demonstreer.

**OPVK312                    OPVOEDKUNDE: TOEGEPASTE OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE VIR DIE ONDERWYSPRAKTYK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die ekosistemiese perspektief op opvoeding te kan verduidelik en die verworwe kennis binne die model te kan integreer, fundamentele beginsels van die opvoeding te begryp en te kan aantoon hoedanig dit in die praktyk gerealiseer word; die verband te kan aantoon tussen kennis van intrapersoonlike en interpersoonlike prosesse in die onderwyspraktyk met spesifieke verwysing na die effek daarvan op die onderrig-leerproses, vanuit 'n fyn insig in die eie intra-psigiese funksionering meer effektief te funksioneer in interpersoonlike verhoudinge, die ontwikkeling van leerders te verstaan en te kan illustreer hoedanig dit die hantering van leerders in die onderrigsituasie beïnvloed en meer effektief optree in die praktyk, gesondheidsbevordering binne onderwysverband te kan omskryf

en om in die praktyk op pro-aktiewe wyse by te dra tot die bevordering van die eie, kollegas en skoolleerders se gesondheid en welstand.

**OPVK322 OPVOEDKUNDE: NAVORSING IN DIE OPVOEDKUNDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om op grond van 'n basiese kennis van en insig in navorsing in die Opvoedkunde en die onderwyspraktyk te kan demonstreeur deur probleemidentifikasie en omskrywing: vaardigheid in die gebruik van inligtingstechnologie om inligting te ontsluit; op grond van hul verstaan van die basiese aannames van onderskeidelik die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings en metodes, 'n toepaslike metode vir die ondersoek van die geïdentifiseerde probleem te kan selekteer en 'n toepaslike navosingsvoorstel te skryf wat in die vierde jaar prakties ondersoek sal word.

**OPVK414 OPVOEDKUNDE: LEER, ONDERRIG EN KURRIKULERING**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde en sistematiese kennis van onderrig- en leerbeginsels, teorieë, metodes en modelle in die bestaande kennisraamwerk te kan voeg ten einde die nuut verworwe insigte te kan toepas in die ontwikkeling van leerprogramme wat leerders in staat stel tot leer-om-te-leer, die beginsels van lewenslange leer en e-leer te ontleed en te bespreek, die invloed van klasklimaat op onderrig en leer te evalueer, die interafhanklikheid en interaksie tussen die komponente van kurrikulumontwerp op die mikrovlak te kan bespreek en die rol van die onderwyser as dinamiese kurrikulumontwikkelingsagent te kan beskryf en te evalueer.

**OPVK415 OPVOEDKUNDE: ONDERWYSSTELSELS EN MULTIKULTURELE ONDERWYS**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die aard en doelstellings van die onderwysstelsel te kan verstaan, 'n kritiese begrip te vorm van die determinante wat die aard en inhoud van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel bepaal, die vier komponente te evalueer en kritiese beoordelings van die multikulturele vraagstukke in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te kan maak.

**OPVK416 OPVOEDKUNDE: LEERDERONDERSTEUNING IN 'N INKLUSIEWE ONDERWYSSISTEEM**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die implementering van inklusiewe onderwys in Suid-Afrika krities te kan bespreek en die implikasies wat die implementering vir die onderwys inhoud aan te toon, hindernisse tot leer te kan identifiseer en ondersteuning in die klaskamer te bied aan leerders wat hindernisse tot leer ervaar en in spanverband saam te werk in 'n institusionele en distriksondersteuningspan met die oog op verdere ondersteuning.

**OPVK422 OPVOEDKUNDE: UITKOMSGEBASEERDE ASSESSERING**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om opvoedkundige beginsels te begryp en te demonstreeur in die konstruering, implementering en assessering van assesseringstandaarde, -strategieë, -programme en -sisteme.

**OPVK423 OPVOEDKUNDE: ONDERWYSREG EN DISSCIPLINE**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy bekend te wees met wetgewing as bron van die onderwysreg en in staat te wees om in ooreenstemming met die spesifikasies van relevante wetgewing op te tree, bekend te wees met die vereistes en voorskrifte vir professionaliteit en in ooreenstemming daarmee eties en professioneel op te tree, in staat te wees om die regte soos vervat in die Handves van Regte van die Suid-Afrikaanse Grondwet korrek te kan interpreteer en toepas, beskerming van kinderegte in die skoolsituasie te bevorder asook om by leerders die regte gesindheid te kweek ten opsigte van hulle eie regte sowel as hulle verpligtinge en die verantwoordelikheid om die regte van ander te respekteer, in staat te wees om dissipline te handhaaf op 'n wyse wat in ooreenstemming is met die beginsels en voorskrifte van die onderwysreg, in staat te wees om jou rol as sorgsame toesighouer te verstaan en korrek uit te voer en bekend te wees met relevante aspekte van arbeidsreg in die onderwys.

**OPVK424 OPVOEDKUNDE: ONDERWYSBESTUURSLEIERSKAP**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om vanuit 'n teoreties-gebaseerde kennisbasis en op 'n professionele wyse as beginneronderwyser te kan optree in die rol van onderwysbestuur en onderwysleier vir belanghebbendes in 'n verskeidenheid onderwyskontekste.

**PREP321 PREPRIMÊRE STUDIES: VROEË GELETTERDHEID EN VROEË GESYFERDHEID**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis en didaktiese vaardigheid van die ontwikkeling van vroeë geletterdheid en vroeë gesyferdheid in die preprimêre klasse en graad R te kan demonstreer.

**PREP411 PREPRIMÊRE STUDIES: VROEË KINDERONTWIKKELING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde kennis te toon ten opsigte van die ontwikkeling van die voorskoolse kind, die dagprogram en kurrikulum van graad R en preprimêre leerders.

**PREP 421 PREPRIMÊRE STUDIES: VROEË KINDERONTWIKKELING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde en sistematiese kennis van die administratiewe, opvoedkundige en didaktiese aspekte van die aanbieding van die fasette van 'n dagprogram vir graad R en ander preprimêre klasse te kan demonstreer.

**PRON121\* PRAKTIESE ONDERWYS**

Praktiese onderwys is 'n verpligte deel van onderwysopleiding en studente moet apart daarvoor registreer. Dit is nodig dat aan al die vereistes soos hieronder uiteengesit, voldoen moet word ten einde te kwalifiseer vir die B.Ed-graad of vir NGOS. In kort kom Praktiese Onderwys daarop neer dat die studente tydens hul opleiding by die universiteit en by skole in situasies geplaas gaan word waarin hulle praktiese ondervinding in die take wat hulle as onderwysers sal moet uitvoer, moet opdoen. Die doel met Praktiese Onderwys is om die volgende breë uitkomst, wat in die Praktiese Onderwys inligtingstukke vir elke jaargroep verfyn is tot prestasie-indikatore

(assesseringsstandaarde), na te streef: Die student word professioneel verder gevorm deurdat hy geleentheid kry om die kennis en insigte wat hy gedurende opleiding verkry het, toe te pas; hy geleentheid kry om kennis met betrekking tot die onderwyspraktik uit te brei en hy deur refleksie en aanpassings 'n eie struktuur van kennis, ingesteldhede en vaardighede opbou en soedoende bemagtig word om sy taak as onderwyser te volvoer.

#### **PRON221\* PRAKTIESE ONDERWYS**

Praktiese Onderwys is 'n verpligte deel van onderwysopleiding en studente moet apart daarvoor registreer. Dit is nodig dat aan al die vereistes soos hieronder uiteengesit, voldoen moet word ten einde te kwalifiseer vir die B.Ed-graad of vir NGOS. In kort kom Praktiese Onderwys daarop neer dat die studente tydens hul opleiding by die universiteit en by skole in situasies geplaas gaan word waarin hulle praktiese ondervinding in die take wat hulle as onderwysers sal moet uitvoer, moet opdoen. Die doel met Praktiese Onderwys is om die volgende breë uitkomst, wat in die Praktiese Onderwys inligtingstukke vir elke jaargroep verfyn is tot prestasie-indikator (assesseringsstandaarde), na te streef: Die student word professioneel verder gevorm deurdat hy geleentheid kry om die kennis en insigte wat hy gedurende opleiding verkry het, toe te pas; hy geleentheid kry om kennis met betrekking tot die onderwyspraktik uit te brei en hy deur refleksie en aanpassings 'n eie struktuur van kennis, ingesteldhede en vaardighede opbou en soedoende bemagtig word om sy taak as onderwyser te volvoer.

#### **PRON321\* PRAKTIESE ONDERWYS**

Praktiese Onderwys is 'n verpligte deel van onderwysopleiding en studente moet apart daarvoor registreer. Dit is nodig dat aan al die vereistes soos hieronder uiteengesit, voldoen moet word ten einde te kwalifiseer vir die B.Ed-graad of vir NGOS. In kort kom Praktiese Onderwys daarop neer dat die studente tydens hul opleiding by die universiteit en by skole in situasies geplaas gaan word waarin hulle praktiese ondervinding in die take wat hulle as onderwysers sal moet uitvoer, moet opdoen. Die doel met Praktiese Onderwys is om die volgende breë uitkomst, wat in die Praktiese Onderwys inligtingstukke vir elke jaargroep verfyn is tot prestasie-indikator (assesseringsstandaarde), na te streef: Die student word professioneel verder gevorm deurdat hy geleentheid kry om die kennis en insigte wat hy gedurende opleiding verkry het, toe te pas; hy geleentheid kry om kennis met betrekking tot die onderwyspraktik uit te brei en hy/sy deur refleksie en aanpassings 'n eie struktuur van kennis, ingesteldhede en vaardighede opbou en soedoende bemagtig word om sy taak as onderwyser te volvoer.

#### **PRON421\* PRAKTIESE ONDERWYS**

Praktiese Onderwys is 'n verpligte deel van onderwysopleiding en studente moet apart daarvoor registreer. Dit is nodig dat aan al die vereistes soos hieronder uiteengesit, voldoen moet word ten einde te kwalifiseer vir die B.Ed-graad of vir NGOS. In kort kom Praktiese Onderwys daarop neer dat die studente tydens hul opleiding by die universiteit en by skole in situasies geplaas gaan word waarin hulle praktiese ondervinding in die take wat hulle onderwyser sal moet uitvoer, moet opdoen. Die doel met Praktiese Onderwys is om die volgende breë uitkomst, wat in die Praktiese Onderwys inligtingstukke vir elke jaargroep verfyn is tot prestasie-indikator (assesseringsstandaarde), na te streef: Die student word professioneel verder gevorm deurdat hy/sy geleentheid kry om die kennis en insigte wat hy/sy gedurende opleiding verkry het, toe te pas; Hy/sy geleentheid kry om kennis met betrekking tot die onderwyspraktik uit te brei en hy/sy deur refleksie en aanpassings 'n eie struktuur van kennis, ingesteldhede en vaardighede opbou en soedoende bemagtig word om sy/haar taak as onderwyser te volvoer.

#### **REKD412 REKENINGKUNDE VAKDIDAKTIK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n omvattende kennis van die nasionale kurrikulumverklaring te beskik, 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon ten opsigte van

beginsels en teorieë met betrekking tot skoolverwante onderwerpe, onderrigsituasies en assesseringswyses.

**REKD422 REKENINGKUNDE VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor die vermoë te beskik om akademies-professionele inligting effektief aan kan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede, betroubaar te kan kommunikeer in individuele- of groepsverband en die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het in die toekoms te kan gebruik om die vak Rekeningkunde effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan graad 10 tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**REKH131 REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT REKENINGKUNDIGE VAARDIGHEDE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige en uitgebreide kennis van begrippe met betrekking tot die vak rekeningkunde te kan demonstreer, inligting rakende transaksies te versamel, organiseer in joernale en grootboeke en 'n rekeningkundige sisteem te ontwerp wat aan die vereistes van 'n spesifiek entiteite voldoen, transaksies in die rekeningkundige vergelyking te ontleed en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig.

**REKH141 REKENINGKUNDE: TOEPASSING VAN REKENINGKUNDIGE STELSELS**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis met betrekking tot wisseltransaksies in die rekeningkundige rekords te kan demonstreer, hulp-grootboeke en kontrolerekeninge te skep en saldo's volgens die maandstate te rekonsilieer, interne kontrole oor kontant te kan evalueer en met bankstate te rekonsilieer en inligting in hierdie verband betroubaar te kan aanbied, loon- en salarisjoernale te kan ontwerp en in die praktyk toe te pas en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig.

**REKH151 REKENINGKUNDE: AANSUIWERINGS EN AFSLUITINGSPROSES**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige, uitgebreide kennis te toon rakende die opstel van verskillende proefbalanse, die belangrikste soort aansuiwerings te formuleer interpreteer en toepas, kennis, begrip en insig te toon rakende finansiële resultate by die periodieke en deurlopende voorraadstelsel, oor vermoë te beskik om die eenmansaak (handelsondernemings sowel as diensondernemings) se nominale rekeninge af te sluit en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig.

**REKH161                      REKENINGKUNDE: FINANSIËLE VERSLAGDOENING EN ONTLEDING  
VAN FINANSIËLE STATE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om toepassings, kennis en insig te toon rakende tienkolomwerkstate, inligting ten opsigte van die jaarlikse finansiële state van 'n eenmansaak te kan versamel, voor te berei en verslag te doen, verhoudings te identifiseer en te bereken en hul doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van 'n onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te kan uitvoer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om met behulp van die korrekte onderrigmetodes en eties gevestigde norme en waardes die relevante leerinhoude van hierdie module aan skoolleerders te onderrig.

**REKH231                      REKENINGKUNDE: BATEVERKOPE EN VENNOOTSKAPPE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om toepassingskennis en insig te kan toon rakende die verkoop van enige eiendom, aanleg en toerusting en die wins of verlies by die verkoop daarvan te bepaal en op te teken, die daaglikse transaksies van 'n vennootskap te boekstaaf met betrekking tot die verdeling van die wins, toelating, uittrede en ontbinding daarvan, die jaarlikse finansiële state voor te berei, die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte en verhoudings te bereken en te vertolk. en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband te ksn uitvoer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om met behulp van die korrekte onderrigmetodes en eties gevestigde norme en waardes die relevante leerinhoude van hierdie module aan skoolleerders te onderrig.

**REKH241                      REKENINGKUNDE: PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL EN  
DEPARTEMENTE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om inligting wat nodig is vir die hantering van voorraad te versamel, die periodieke en deurlopende voorraadstelsels te kan bespreek, inskrywings te onderskei en boekstaaf, transaksies volgens departemente te kan opteken en oor te boek, kennis, insig en vaardigheid te demonstreer rakende die voorbereiding van die jaarlikse finansiële state, ontleding en vertolking van state te doen en die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leeders te onderrig.

**REKH251                      REKENINGKUNDE:                      VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS                      EN  
BEGROTINGS**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die rekeningkundige terminologie eie aan 'n vervaardigingsonderneming te kan omskryf en verstaan, inligting te versamel, organiseer, behoefte van rekeningkundige rekords te bepaal vir die optekening van transaksies, finansiële jaarstate voor te berei, ontleding en vertolking van state te doen, verskillende begrotings te kan analiseer, bespreek, evalueer en opstel en opdragte rakende die leerinhoud effektief as individu of in groepsverband uit te voer ten einde dit in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leeders te onderrig.

**REKH261 REKENINGKUNDE: NIE-HANDELDRYWENDE ONDERNEMINGS EN  
OPSPORING VAN FOUTE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die behoefte aan rekeningkundige rekords te bepaal vir die optekening van transaksies rakende nie-handeldrywende ondernemings, verslag te doen oor die finansiële stand in die formaat wat vereis word deur die spesiale omstandighede van die organisasie of vereniging, oor 'n grondige kennisbasis beskik om foute na te spoor en reg te stel in rekeningkundige rekords, om die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig en groepswerk in die onderrig-leersituasie te gebruik sodat effektiewe leer bevorder word.

**REKH311 REKENINGKUNDE: BESLOTE KORPORASIES EN MAATSKAPPYE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die rekeningkundige terminologie eie aan 'n beslote korporasie en maatskappy te omskryf, inligting te versamel, organiseer, en transaksies te kan boekstaaf, finansiële jaarstate op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP) en 'n ingeligte begrip te toon oor die finansiële prestasies en finansiële stand van beslote korporasies en maatskappye deur van verhoudings en/of persentasies gebruik te maak en te evalueer aan die hand van vergelykende maatstawwe en om die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband.

**REKH321 REKENINGKUNDE: FINANSIËLE STATE**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennis van kontantvloei-state van enige ondernemingsvorm te beskik, 'n kontantbegroting vir 'n maatskappy te kan voorberei, die vermoë te besit om rakende onvolledige rekords inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer om volledige finansiële boeke en finansiële state op te stel, kennis, vaardigheid, begrip en insig te toon ten opsigte van assessering en om die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan jou leerders te onderrig en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband.

**RGLO111 REKENAARGELETTERDHEID: REKENAARVAARDIGHEID MET  
SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis te kan weergee oor die rekenaar en praktiese vaardighede en waardes te kan demonstreeer rakende die gebruik van woordverwerking-, sigblad- en grafikaprogrammatuur, sowel as die Internet en e-pos in die onderwys.



**RTTD412 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VAKDIDAKTIEK –  
DIDAKTIESE BEGINSELS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om Rekenaartoeëpassingstegnologie effektief te fasiliteer deur afgeronde en sistematiese kennis ten opsigte van die RTT-onderwyser en -skoolleerder, konseptuele tik en kennis van tikfoute wat tydens sleutelbordvaardigheid verwerf is, te kan integreer in bestaande kennisraamwerke, ten einde die nuut verwerwe insigte te kan toepas en dit vanuit die literatuur te kan beredeneer en 'n eie mening daarop met gebruik van IT te kommunikeer.

**RTTD421 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VAKDIDAKTIEK –  
LEERPROGRAMME EN ASSESSERING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om Rekenaartoeëpassingstegnologie effektief te kan fasiliteer deurdat jy afgeronde en sistematiese kennis van die NKV-beleidsdokument behoort te kan weergee, die dokument met riglyne vir ontwikkeling van leerprogramme in Rekenaartoeëpassingstegnologie kan ontleed en evalueer en dit tydens die opstel van werkskemas, vraestelle en memorandum prakties te kan toepas. Verder behoort jy vaardig te wees in leerprogramontwikkeling vir RTT-onderrig ten einde betekenisvolle en effektiewe onderrig en leer in die RTT-klas te kan fasiliteer.

**RTTO131 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT  
REKENAARSTELSELS MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die nodige basiese kennis te kan weergee oor algemene konsepte van inligtingstegnologie, rekenaarstelsels en die basiese werking van 'n rekenaar, asook die impak wat dit op die omgewing en samelewing het, kan kommunikeer. Verder behoort jy vaardig te wees om onderrig-leer rakende hierdie onderwerpe te fasiliteer.

**RTTO141 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT  
REKENAARPROGRAMMATUUR MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis weer te gee oor verskillende tipes stelsel- en toepassingsprogrammatuur, etiese oorwegings, sekuriteit, virusse en die evaluering van programme te kan kommunikeer, en basiese vaardighede te kan demonstree in die gebruik van 'n bedryfstelsel, die Internet en e-pos. Verder behoort jy vaardig te wees om onderrig-leer rakende hierdie onderwerpe te fasiliteer.

**RTTO151 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: INLEIDENDE  
WOORDVERWERKINGSVAARDIGHEDE MET SKOOLGERIGTE  
TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om inleidende praktiese vaardigheid te kan demonstree in die gebruik van die QWERTY-sleutelbord as toevoereenheid en die gebruik van 'n woordverwerkingsprogram tydens die tik van byvoorbeeld Romeinse syfers, spesiale tekens metrieke simbole en paragrawe. Verder moet die jy basiese kennis rakende die

vakdidaktiese aspekte wat in hierdie module hanteer word kan toepas en leer in Rekenaartoeëpassingstegnologie kan fasiliteer.

**RTTO161 REKENAARTOEëPASSINGSTEGNOLOGIE: ELEMENTêRE  
WOORDVERWERKINGSVAARDIGHEDE MET SKOOLGERIGTE  
TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om elementêre praktiese vaardigheid te demonstreer in die gebruik 'n woordverwerkingsprogram tydens die tik van dokumente byvoorbeeld korrespondensie, vertoonwerk, en vergaderingdokumente Verder moet jy basiese kennis rakende die vakdidaktiese aspekte, wat onder andere die psigologiese aspekte van die onderrig insluit, kan toepas en leer in Rekenaartoeëpassingstegnologie kan fasiliteer.

**RTTO231 REKENAARTOEëPASSINGSTEGNOLOGIE: GEVORDERDE  
WOORDVERWERKINGSVAARDIGHEDE MET SKOOLGERIGTE  
TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om gevorderde praktiese vaardigheid te demonstreer in die gebruik van 'n woordverwerkingsprogram tydens die tik van byvoorbeeld aansoek om betrekkingdokumente, en regsdokumente. Verder moet die jy grondige kennis en begrip rakende die vakdidaktiese aspekte van die eiesoortige onderrigmetodes kan toepas en leer in Rekenaartoeëpassingstegnologie kan fasiliteer.

**RTTO241 REKENAARTOEëPASSINGSTEGNOLOGIE: GESPESIALISEERDE  
WOORDVERWERKINGSVAARDIGHEDE MET SKOOLGERIGTE  
TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om gespesialiseerde praktiese vaardigheid te kan demonstreer in die gebruik van 'n woordverwerkingsprogram tydens die tik van byvoorbeeld tabelle, finansiële state en template. Verder moet die jy grondige kennis en begrip in die vakdidaktiese aspekte wat onder andere inklusiewe onderwys insluit, kan toepas en leer in Rekenaartoeëpassingstegnologie om dit sodoende te kan fasiliteer.

**RTTO251 REKENAARTOEëPASSINGSTEGNOLOGIE: BASIESE  
SIGBLADVERWERKINGSVAARDIGHEDE MET SKOOLGERIGTE  
TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis te kan weergee en basiese praktiese vaardighede te kan toepas rakende die gebruik van 'n sigbladverwerker vir die ontwerp en redigering van die sigblad, die toepassing van basiese funksies en formules, formatering tot 'n verstaanbare en duidelike formaat en die skep en druk van grafieke, en ook die verworwe vaardighede kan toepas om elementêre goed gedefinieerde onbekende praktykgerigte probleme op te los. Verder behoort jy die onderrig-leer aangaande basiese sigbladverwerking in die onderwysituasie te kan fasiliteer.

**RTTO261 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: GEVORDERDE SIGBLADVERWERKINGSVAARDIGHEDE MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis te kan weergee en gevorderde praktiese vaardighede te kan toepas rakende die gebruik van 'n sigbladverwerker vir die hantering van lyste, veelvuldige werkblaaie en werkboeke, die gebruik van redigeergereedskap, integrering met ander toepassings en die oplos van goed gedefinieerde onbekende praktykgerigte probleme, asook die onderrigleer aangaande die toepaslike aspekte van hierdie gevorderde sigbladverwerking in die onderwysituasie te kan fasiliteer. Verder behoort jy 'n praktiese projek, in die vorm van 'n skoolgerigte toepassing, te kan ontwikkel waarin die verworwe konsepte en beginsels binne een sigblad geïntegreer word.

**RTTO311 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: PRESENTASIES, TAFELPUBLIKASIE EN WEBBLADONTWERP MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis te kan weergee en gevorderde praktiese vaardighede te kan toepas rakende die gebruik van programmatuur wat aangewend kan word vir presentasies, tafelpublikasies en webbladontwerp, en deurgaans gebruik maak van goeie ontwerpbeginsele in die oplos van goed gedefinieerde onbekende praktykgerigte probleme en die integrering van hierdie toepassings met ander toepassingsprogrammatuur, asook die onderrigleer aangaande hierdie vaardighede in die onderwysituasie te kan fasiliteer.

**RTTO321 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: DATABASISONTWERP EN DATAKOMMUNIKASIE MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis te kan weergee en gevorderde praktiese vaardighede te kan toepas rakende die ontwerp van 'n databasis, normalisering van data, skep van tabelle en relasies, asook die hantering van gevorderde databasiskonsepte soos navrae, vorms, verslae en makro's met behulp van MS Access, en goed gedefinieerde onbekende praktykgerigte probleme kan oplos. Jy behoort ook in staat te wees om grondige kennis te kan weergee van en vergelykings kan tref tussen verskillende tipes netwerke, kommunikasiemedia en -protokolle, asook datahantering binne 'n netwerk. Verder moet jy in staat wees om die onderrigleer aangaande databasisse en datakommunikasie in die onderwysituasie te kan fasiliteer.

**SPEK111 SPORT EN KULTUUR: GESAMENTLIKE MODULE VIR DIE SPORT-EN KULTUURSERTIFIKAAT**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n grondige kennis van en 'n waardesisteem met betrekking tot geselekteerde sport- en kultuuraktiwiteite te kan weergee. Leerders moet in staat wees om 'n grondige kennis te kan weergee ten opsigte van die basiese beginsels met betrekking tot sportafrigting soos aangespreek word in die verskillende teoretiese afdelings (motoriese leer, sportfisiologie, sportfilosofie en sportbestuur). Die verwerwing van 'n amptelike afrigterskwalifikasie in 'n erkende skoolsport en 'n kultuuraktiwiteit, is verpligtend. Verder moet studente ook: onderwysgerigte kultuuropleiding kan verantwoord en grondige kennis te kan weergee betreffende die beplanning, organisasie en bestuur van kultuuraktiwiteite.

**SPVV211 AANVULLENDE VAKDIDAKTIEKE: KREATIWITEIT VIR OPVOEDERS**

1 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë van kreatiwiteit te kan toon en oor 'n grondige kennisbasis van kreatiwiteit in die klaskamer, kreatiewe onderwysers en kreatiewe leerders te beskik, inligting daarvoor te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en die vermoë toon om samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband, 'n seleksie van inligting in hierdie verband te maak en dit vervolgens te kan aanbied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede om die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om dit effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes te kan toepas.

**SPVV321 AANVULLENDE VAKDIDAKTIEKE: KREATIWITEIT VIR OPVOEDERS**

1 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van kreatiwiteit te beskik en 'n ingeligte begrip te kan toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot kreatiwiteit in die klaskamer, metodes om kreatiwiteit te ontwikkel en die kreatiewe probleemoplossingsproses, die vermoë te besit om met onbekende en abstrakte inligting in dié verband te kan omgaan deur gebruik te maak van grafieke en teoriegedrewe argumente, IT-vaardighede effektief te kan gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele- of in groepsverband.

**SPVV422 AANVULLENDE VAKDIDAKTIEKE: KREATIWITEIT VIR OPVOEDERS**

1 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van kreatiewe onderwys te beskik en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot kreatiewe onderwysers, leerders en die klaskamer, kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in dié verband, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief te kan aanbied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede, samehangend en betroubaar te kan kommunikeer in individuele of in groepsverband en die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om enige vak effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes op 'n kreatiewe wyse binne die raamwerk van Uitkomsgebaseerde Onderwys aan te bied.

**TEGG121 TEGNOLOGIESE STUDIES: GRONDSLAGFASE**

1 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om te kan demonstreer dat jy kennis verwerf het oor die verskillende aspekte van Tegnologie. Jy behoort bewys te kan lewer dat jy die vaardighede wat vir die aanbieding van Tegnologie benodig word te kan toepas. Jy behoort bewys te lewer dat jy Tegnologie by die verskillende leerprogramme van die Grondslagfase (Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede) kan integreer en dat jou houding jeens die fasilitering van die verskillende aspekte van Tegnologie positief is.

**TEGH141                   TEGNOLOGIE: GRAFIESE KOMMUNIKASIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om gedetailleerde werkstekeninge te kan maak wat die nodige inligting bevat om die produkontwerpfase van die tegnologiese proses te kan ondersteun. Dit sluit grondige kennis, insig en basiese vaardighede van vryhand-profieltekeninge, ortografiese projeksies, skuinstekene, isometriese tekeninge en perspektieftekene as grafiese kommunikasiemiddele in. Jy behoort waardering en begrip te kan toon vir die ergonomiese en estetiese waarde van grafiese kommunikasie. Jy behoort die onderwysvaardighede te bemeester om kennis en vaardighede van grafiese kommunikasie suksesvol aan skoolleerders te kan fasiliteer.

**TEGH152                   TEGNOLOGIE: STRUKTURE EN SAGTE MATERIALE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om grondige kennis, vaardighede en begrip te kan demonstreer oor die verskillende tipes strukture en die kragte wat daarop inwerk. Jy behoort, aan die hand van 'n probleemgebaseerde benadering, strukture te kan identifiseer, vergelyk, ontwerp en selekteer volgens die tipes kragte wat daarop inwerk. Jy behoort grondige kennis te verwerf het oor die eienskappe van sagte materiale soos was, plastiek, rubber, leer, sement, polistireen en papier en dit kan evalueer en toepas in die maak van ingeligte keuses vir 'n spesifieke doel waarvoor dit aangewend kan word. Jy behoort oor die onderrigvaardigheid te beskik om kennis en vaardighede ten opsigte van strukture en sagte materiaal suksesvol aan skoolleerders te kan fasiliteer.

**TEGH161                   TEGNOLOGIE: BIOTEGNOLOGIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis van biotegnologie te kan weergee deur 'n ingeligte begrip te toon vir die bydrae wat lewende organismes in menslike probleemoplossing maak. Jy moet die basiese metodes en tegnieke van biotegnologie, soos toegepas in die voedsel-, afval- en mediese bedryf, teoreties verstaan en in alledaagse konteks prakties kan toepas, asook kennis van biotegnologie kan evalueer, interpreteer en aanpas om 'n voorgestelde tegnologiese probleem te kan oplos en dit te kommunikeer. Jy moet deur gebruik te maak van effektiewe inligtingversameling, analise en sintese van bestaande bronne, 'n evaluering en bespreking te kan doen oor die etiese en langtermynimpak van biotegnologie op die samelewing. Na voltooiing van hierdie module behoort jy ook biotegnologie suksesvol aan skoolleerders te kan fasiliteer.

**TEGH242                   TEGNOLOGIE: MEGANIESE BEHEER**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om grondige kennis, vaardighede en begrip te kan demonstreer oor verskillende meganiese stelsels. Jy moet meganiese, pneumatiese en hidroliese stelsels kan analiseer, vergelyk, integreer en evalueer ten einde 'n stelsel te kan ontwerp om 'n bepaalde probleem op te los. Jy behoort oor die kennis en vaardighede te beskik om meganiese beheer suksesvol aan skoolleerders te kan fasiliteer.

**TEGH251                   TEGNOLOGIE: ELEKTRIESE STELSELS EN -BEHEER**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis en vaardighede oor elektriese stelsels en -beheer te kan weergee. Jy behoort die praktiese gebruik van elektriese stelsels en -

beheer, soos van toepassing in die leerarea Tegnologie, te verstaan en te evalueer sodat jy jou eie stelsels kan ontwerp om spesifieke probleme op te los. Jy behoort grondige kennis, begrip en vaardighede te kan toon ten opsigte van die bou en gebruik van eenvoudige elektriese kringe, invoere en afvoere wat beheer uitoefen en die ontwikkeling en gebruike van elektriese energie. Grondige kennis van elektroniese kommunikasie en die logika van eenvoudige stelsels behoort deur jou gedemonstreer te kan word. Jy behoort die nodige kennis en vaardighede te verwerf om elektriese stelsels en -beheer suksesvol aan skoolleerders te kan fasiliteer.

**TEGV121                   TEGNOLOGIESE STUDIES**

2 uur 1:1

**VGSG111                    GESONDHEIDSORG: GRONDSLAGFASE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die aspekte wat gesondheidsbevordering in 'n gemeenskap beïnvloed en die invloed hiervan op die leerproses te kan identifiseer en toepas. Jy behoort ook in staat te wees om siektes en probleme wat algemeen

by Grondslagfase-skoolleerders voorkom, sowel as siektes binne die Suid-Afrikaanse konteks, te kan vergelyk, identifiseer en analiseer.

**VGSO111 VEILIGHEIDS- EN GESONDHEIDSOPVOEDING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis en waardestandpunte ten opsigte van veiligheid in die huis-, skool- en verkeerssituasie, asook die benadering en plek van Gesondheidsopvoeding as deel van die leerprogram in die skool te kan weergee, wat die volgende aktuele gesondheidstemas insluit: adolessensie, gesonde voeding, liggaamsorg en higiëne, fisieke oefening, obesiteit, dwelms, seksueel oordraagbare siektes en VIGS-bewustheid. Die verwerwing van 'n erkende Noodhulpserifikaat en Sporttrauma-kwalifikasie is 'n voorvereiste vir die suksesvolle voltooiing van hierdie module.

**VOOT311 VOO-TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om: 'n grondige kennis van die onderrig en leer van die VOO-Tegnologie te kan demonstreeer deur die gepaste beleidsdokumente, onder andere die NKV, vir Tegnologie te kan ontleed, interpreteer en evalueer, en in die praktiese onderrig te kan toepas. Jy moet leerprogramriglyne op effektiewe wyse kan toepas in die beplanning en implementering van die VOO-fase, werkskedules, lesbeplanning en assessering, soos wat dit in die onderwyspraktyk plaasvind. Jy moet ook die rasionaal van VOO-Tegnologie en die realiteite van die implementering daarvan in skole kan ontleed, evalueer en aanbevelings kan maak.

**VOOT321 VOO TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde sistematiese kennis van die onderrig-leerstrategieë, veral probleemgebaseerde leer te kan demonstreeer. Jy behoort kurrikulering in die praktyk, soos toegepas in die lesbeplanning in praktiese lesaanbieding te kan implementeer, asook verskillende media-ondersteunde en assesseringstegnieke vir verskillende onderrigsituasies kan evalueer, motiveer en toepas.

**VOOT411 VOO TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n omvattende kennis van assessering, klaskamerorganisering en klaskamerpraktyk, soos dit in die VOO-fase toegepas word, kan weergee en implementeer in die onderrigsituasie. Jy behoort oor die vaardigheid te beskik om die administratiewe eise van onderrig van VOO-Tegnologie op effektiewe wyse te kan hanteer soos benodig vir organisering van praktiese lesse en projekte, en die samestelling van leerder- en fasiliteerdersportefeuljies. Jy behoort omvattende kennis en insig oor veiligheidsaspekte by die praktiese onderrig van Tegnologie te kan demonstreeer.

**WSKD211 DIDAKTIK VAN WISKUNDE: ONDERRIG EN LEER**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis en insig ten opsigte van toepaslike onderrig-leerbenaderings in wiskunde, asook die rol van assessering as integrale deel van onderrig-leer, te kan demonstreeer in die beplanning en uitvoer van kragtige onderrig-leergeleenthede in 'n uitkomsgebaseerde wiskunde-klaskamer.

**WSKD321 DIDAKTIEK VAN WISKUNDE: INTERMEDIÛRE- EN SENIORFASE**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis en insig ten opsigte van die inhoud en struktuur van die skoolwiskundekurrikulum, wat op hierdie skoolfase(s) van toepassing is, asook kernkonsepte en prosedures wat in skoolwiskunde geleer en onderrig word, te kan toepas in die beplanning en samestelling van leerprogramme, 'n werkskedule vir 'n betrokke graad van dié skoolfase en die beplanning en uitvoer van onderrig-leergeleenthede wat die betekenisvolle leer van wiskunde ten doel het, kan implementeer.

**WSKD413 DIDAKTIEK VAN WISKUNDE: SENIOR EN VOO**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy sistematiese kennis en nuut verworwe insigte ten opsigte van die inhoud van die skoolwiskunde-kurrikulum wat op hierdie skoolfase(s) van toepassing is, te kan demonstreeer deur middel van die effektiewe gebruik van tegnologie (sakrekenaars, grafiese sakrekenaars, rekenaarprogramme) in die beplanning en uitvoer van onderrig-leergeleenthede in die wiskunde klaskamer.

**WSKD423 DIDAKTIEK VAN WISKUNDE: WISKUNDIGE GELETTERDHEID**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy sistematiese kennis en nuut verworwe insigte ten opsigte van die inhoud en struktuur van die wiskundige geletterdhedskurrikulum te kan toepas in die beplanning en samestelling van 'n leerprogram, insluitend 'n werkskedule vir 'n betrokke graad, asook die samestelling van 'n portefeulje vir wiskundige geletterdheid.

**WSKH111 WISKUNDE: FUNKSIES**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis ten opsigte van lineêre, kwadratiese, polinome, absolute waarde, rasionale, trigonometriese, eksponensiële, logaritmiese en hiperboliese funksies te kan demonstreeer deur hierdie funksies te definieer en op verskillende maniere voor te stel vanuit werklikheidsgetroue situasies, basiese bewerkings met die funksies te kan uitvoer en, indien moontlik, inverses te bepaal. Verder moet jy vaardigheid kan demonstreeer in die gebruik van toepaslike rekenaarprogramme ten opsigte van bogenoemde.

**WSKH121 WISKUNDE: ELEMENTÊRE STATISTIEK**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om basiese kennis ten opsigte van die belangrikste statistiese tegnieke, wat daagliks in die praktyk gebruik word, te kan demonstreeer in die oplos van elementêre goed gedefinieerde, praktykgerigte probleme en die oplossing skriftelik kan kommunikeer. Jy moet vaardigheid kan demonstreeer in: die bepaling van die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis deur gebruik te maak van 'n geskikte definisie en die gebruik van toepaslike tegnieke in die oplos van werklikheidsgetroue probleme; die insamel van geskikte data na aanleiding van gestelde navorsingsvrae, die data kan interpreteer ten einde gevolgtrekkings te kan maak ten opsigte van die vrae. Verder moet jy die gebruik van grafiese sakrekenaars en toepaslike rekenaarprogramme in die onderrig en leer van bogenoemde effektief in die praktyk te kan toepas.

**WSKH211 WISKUNDE: INLEIDENDE ALGEBRA**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort in staat te wees om grondige kennis van die verskillende getalstelsels (natuurlike getalle, heelgetalle, rasionale getalle, irrasionale getalle, reële getalle, komplekse getalle), asook polinoom- en rasionaalfunksies te kan demonstreeer in die vergelyking van die eienskappe en bewerkings van die verskillende getalstelsels. Verder behoort jy die eienskappe sowel as konvergensie van rye en reekse effektief kan gebruik in die oplos van werklikheidsgetroue probleme. Waar van toepassing, moet jy ook bogenoemde in die onderrig van skoolwiskunde kan illustreer en demonstreeer.

**WSKH221 WISKUNDE: EUKLIDIESE EN SFERIESE MEETKUNDE**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om grondige kennis en insig ten opsigte van euclidiese en sferiese meetkunde te kan demonstreeer in die vergelyking van die sferiese resultate met die van euclidiese meetkunde op die platvlak (definisie van punte, afstand, "lyne" (sirkels), hoeke, driehoeke, vierhoeke); asook in die toepassing van die resultate in trigonometrie en meetkunde op die sfeer (oplos van driehoeke en die bepaling van area). Verder moet jy die verband tussen sferiese meetkunde en werklikheidsgetroue situasies kan demonstreeer deur die oplos van probleme.

**WSKH312 WISKUNDE: DIFFERENSIAAL- EN INTEGRAALREKENE**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis, begrip en insig ten opsigte van differensiasie en integrasie te kan demonstreeer in die berekening van die veranderingstempo van werklikheidsgetroue gebeurtenisse; vasstelling en berekening van kontinuïteit van funksies; die bepaling van die afgeleides van eenvoudige en saamgestelde funksies, die praktiese toepassing van differensiasie in lewenswerklike situasies, asook die toepassing van die bepaalde integraal en integrasietegnieke in die oplos van praktiese werklikheidsgetroue probleme.

**WSKH322 WISKUNDE: LINEËRE ALGEBRA**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis en insig ten opsigte van lineêre algebra te kan demonstreeer deur meetkunde probleme met behulp van meetkundige vektore op te los; bewerkings met vektore uit te voer; lineêre afhanklikheid van vektore in 'n driedimensionele ruimte te bepaal, asook basisse vir stelsels vektore te vind. Verder moet jy stelsels lineêre vergelykings kan oplos ten opsigte van werklikheidsgetroue situasies; algebraïese eienskappe van bewerkings met matrikse kan gebruik in werklikheidsgetroue voorbeelde, asook lineêre programmering in die oplos van werklikheidsgetroue probleme.

**WSKP121 WISKUNDE IN PRAKTYK: GETALLE, BEWERKINGS EN DATAHANTERING**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy basiese kennis en insig ten opsigte van getalle en bewerkings te kan gebruik in die oplos van lewenswerklike probleme in 'n verskeidenheid kontekste, asook data vanuit verskillende kontekste kan insamel, organiseer, voorstel, analiseer en elementêre statistiek kan gebruik om die bevindings te kommunikeer, te interpreteer en gevolgtrekkings te kan maak.

**WSKP221 WISKUNDE IN PRAKTYK: MEETKUNDE**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort jy grondige kennis en insig ten opsigte van die eienskappe van en verwantskappe tussen tweedimensionele en driedimensionele voorwerpe te kan toepas in die oplos van lewenswerklike probleme, ingesluit die berekening van oppervlaktes en volume, asook die gebruik van dinamiese rekenaarsagteware (byvoorbeeld The Geometer's Sketchpad) kan demonstreer ten opsigte van bogenoemde.

**WTOL221 WETENSKAPSLEER: INLEIDEND**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie voorgeskrewe module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy die aard van wetenskap en die grense en plek daarvan in die menslike lewe verstaan en dit kan onderskei van nie-wetenskaplike en ideologiese denke; die paradigmatische aard van die wetenskap verstaan en kan verduidelik aan die hand van voorbeelde; die kontoere van 'n Christelike denkraamwerk (wêreldbeskouing) kan verstaan en met verwysing na nie-Christelike denkraamwerke te kan verduidelik en evalueer asook aktuele-, persoonlike- en sosiaal-maatskaplike verskynsels en -probleme te kan beoordeel vanuit 'n eie en 'n Christelike denkraamwerk

**WTOL311 WETENSKAPSLEER**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie voorgeskrewe module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy die plek van sy wetenskap (hoofvakprogram) in die groter samehang van wetenskappe verstaan; die belangrikste grondvrae in sy vakgebied kan identifiseer en die belangrikste standpunte daaroor (denktradisies in die vakgebied) kan beskryf en vanuit 'n eie denkraamwerk kan evalueer; die basiese kwessies in die kontemporêre gesprek oor wetenskap en geloof kan identifiseer en dit op die problematiek van sy vakgebied kan betrek asook die etiese konsekwensies van sy wetenskaplike- en toekomstige professionele werk kan verstaan en vanuit 'n eie en 'n Christelike waarde-oriëntasie kan beoordeel.



## **OP.4.2 NGOS**

### **OP.4.2.1 VERPLIGTE MODULES**

#### **AFTB521 TAALBEVOEGDHEID AFRIKAANS**

Kyk OP.1.9.1

#### **BYOB512 BYKOMENDE ONDERWYSKUNDIGE BEVOEGDHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om afgeronde en sistematiese kennis (nuut verworwe) van omgewingsopdoeding en -inligting en mediavaardighede te kan integreer in alle vakke en leerareas. Die leerders behoort hulle houding en gesindhede positief in te stel teenoor die natuur, probleme te identifiseer, evalueer en te analiseer ten einde om moontlike oplossings te bied. 'n Positiewe opvoeder sal sy leerders ook positief kry deur sy entoesiasme en voorbeeld.

#### **BYOB521 BYKOMENDE ONDERWYSKUNDIGE BEVOEGDHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy oor die nodige kennis, vaardigheid, waardes en gesindhede te beskik om kritiese evaluering te maak van rekenaarprogrammatuur en -apparaat vir die onderwys en die implikasies vir die aankoop van apparatuur en programmatuur deur die skool. Kennis, vaardigheid en begrip moet gedemonstreer kan word van rekenaargeïntegreerde onderrig en toetsing en die sinvolle toepassing daarvan in die onderwys.

#### **ENTB521 TAALBEVOEGDHEID ENGELS**

Kyk OP.1.9.1

#### **OPSK513 LEERDERONDERSTEUNING EN SKOOLVOORLIGTING VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om leerderondersteuning en lewensoriëntering te fasiliteer of aan te bied ooreenkomstig die behoeftes wat die praktyk aan die voornemende onderwyser stel. Die leeruitkomste ten opsigte van leerderondersteuning in hierdie module is: assessering en ondersteuning van leerders met alle soorte probleme, geremdheids- en gestremdhede as spesiale behoeftes. Leerders behoort die assessering en ondersteuning prakties in alle kontekste te kan uitvoer, te wete in skool-, huis-, sosiale-, en kultuurkonteks. Dit sluit in kennis, vaardighede en houdings oor evaluering, remediëring, onderhoudvoering, multiprofessionele skakeling en verslagskrywing ten opsigte van leerders met spesiale behoeftes. Die leeruitkomste ten opsigte van lewensoriëntering in hierdie module is: die inrig en organisasie van die skoolvoorligtinglokaal, vorme (metodes) en skoolvoorligting, onderwysmiddele en skoolvoorligting, onderhoudvoering, verslaggewing in skoolvoorligting, steungewing in skoolvoorligting en multikulturele skoolvoorligting.

#### **OPSK514 SKOOLVOORLIGTING EN HULPVERLEENING**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor kennis, vaardighede en houdings te beskik ten opsigte van die praktiese aspekte van skoolvoorligting en hulpverlening. Dit behels onder meer: 'n beroepstudie van die rol van skoolvoorligters/lewensoriënteurs, algemene problematiek wat voorkom by die skoolpopulasie en wat deur skoolvoorligters/ lewensoriënteurs

hanteer behoort te word, berading en krisishantering, oerbegeleiding, netwerkskepping, verslagskrywing en verwysing, koördinerings en die fasilitering van lewensvaardighede.

**OPVK412/512 OPVOEDKUNDE**

3 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om vanuit 'n basiese kennis en perspektief lesse te kan ontwerp, leer te fasiliteer en te assesser.

**OPVK514 OPVOEDKUNDE**

3 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om vanuit 'n basiese kennis en perspektief op 'n professionele wyse op te tree as leier, administrateur en bestuurder van die onderrig-leersituasie asook om as 'n rolmodel en pastor vir sy leerders te kan optree.

**SSTB521 TAALBEVOEGDHEID SUID-SOTHO**

Kyk OP.1.9.1

**TGNO511 TEGNOLOGIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet jy in staat wees om 'n omvattende kennis van die leerarea Tegnologie te kan demonstreer deur die probleemoplossende en kreatiewe aard daarvan en die unieke metodologie daarvan in onderrigpraktyk te kan toepas. Jy moet die tegnologiese proses verstaan en in die konteks van tegnologiese probleme kan toepas, evalueer en kommunikeer. Basiese kennis van prosessering en die toepassing daarvan in die ander kennisareas van tegnologie moet gedemonstreer word. Jy moet die rol van tegnologie-opvoeding in welvaartskepping in 'n land kan evalueer en rasionaliseer asook 'n eties verantwoordelike houding tydens die onderrig en gebruik van tegnologie te kan demonstreer.

**TGNO521 TEGNOLOGIE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy kennis, begrip en insig van die volgende kennisareas in Tegnologie te kan demonstreer: materiale, gereedskap, veiligheid, strukture, prosesse, meganismes en beweging, energie en krag, kommunikasie en inligting en die mens en sy omgewing. Jy behoort die probleemoplossingsmetodes en -tegnieke te kan aanwend in die onderwyspraktyk en die spesifieke uitkomst soos vasgestel vir die leerarea Tegnologie in die HNKV en die kritiese uitkomst daarvan te bereik. Jy behoort waardering te toon vir die rol van tegnologie-opvoeding om welvarendheid in ons land te help skep.

**TWTB521 TAALBEVOEGDHEID TSWANA**

Kyk OP.1.9.1

**ZOTB521 TAALBEVOEGDHEID ZOELOE**

Kyk OP.1.9.1

#### OP.4.2.2 KERNMODULES

##### VAKDIDAKTIEK (2 x 16 krediete)

Aan die einde van die twee bypassende modules in elke vakdidaktiek (kyk OP.2.5.2) behoort die leerder in die betrokke skoolvak/leerarea oor die nodige kennis, insig, gesindheid en vaardighede te beskik om die vakkurrikulum van die skoolvak/leerarea te interpreteer en gepaste leerprogramme te ontwerp; die leerkurrikulum effektief te implementeer en leer te fasiliteer en gepaste assesseringstegnieke te kan toepas.

##### AFRD411 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK

2 uur 2:3

Die leerder behoort bemaatig te word om *beleidgewende departementele dokumentasie* as uitgangspunt te kan gebruik vir die fasilitering van leer binne die leerarea Tale; begrip van die betekenis van UGO-terme soos kritieke uitkomst (KU's), spesifieke uitkomst (SU's), assesseringskriteria (AK's) en nuwe terme soos leeruitkomst (LA's) en assesseringstandaarde (AS'e) te bekom en in staat te wees om dit sinvol binne die leerarea Tale te kan gebruik om leerders te begelei tot die bemeestering van taalvaardighede; toepaslike assesseringsvaardighede te bekom en in staat te wees om leerervarings te beplan en te struktureer.

##### AFRD421 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK

2 uur 2:3

Die leerder behoort in staat te wees om die kennis en vaardighede wat deur die loop van die voorafgaande module verkry is binne die intermediêre- en seniorfase te kan toepas in die begeleiding van leerders tot die verwerwing van toepaslike taalvaardighede in Afrikaans; om in ooreenstemming met die holistiese en tematies-geïntegreerde benaderingswyse van die UGO-model die verwerwing van Afrikaanse taalvaardighede binne hierdie fases te kan beplan en fasiliteer.

##### AFRD423 AFRIKAANS VAKDIDAKTIEK

2 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die implikasies van uitkomstgerigte onderwys, soos uiteengesit in die huidige onderwysbeleid, te kan verreken in die fasilitering van Afrikaans in verdere onderwys- en opleidingsfases; die oorkoepelende, kritieke uitkomst, addisionele uitkomst en spesifieke uitkomst vir die leerarea taal, geletterdheid en kommunikasie geïntegreerd en kruiskurrikulêr te kan benader in leerfasilitering van Afrikaans vir die senior fase (graad 7 tot 9); kennis en vaardigheid te kan toon ten opsigte van die insamel, selektering, ordening en fasilitering van inligting met betrekking tot die verskillende terreine van Afrikaansonderrig in die VOO-fase (graad 10 tot 12), naamlik taalgebruikskunde, interpersoonlike, mondelinge kommunikasie, lees, letterkunde (prosa, poësie, drama, film) en skryfwerk; in die fasilitering van die vier hooftaalvaardighede van Afrikaans (luister, praat, lees en skryf) deurentyd die volgende by die leerders te kan help ontwikkel: kennis, insig, kritiese denke, houdings en waardes.

##### BESD411 ONDERNEMINGSBESTUUR VAKDIDAKTIEK

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op Besigheidstudies in die VOO-fase krities te kan analiseer, te sintetiseer en te evalueer, die vaardigheid te toon in die ontwikkeling van onderwyser-portefeuljes, effektief te assesser, oor die vermoë te beskik om akademies-professionele

inligting effektief te kan aanbied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede en om die vak Besigheidstudies effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan graad 10 tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**BIOD411 BIOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

3 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van 'n verskeidenheid onderrigsituasies in Biologie; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband kan lewer om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer.

**BWKD411 BEWEGINGSOPVOEDING VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van: die uitkomsgebaseerde onderrigbenadering met betrekking tot Bewegingsopvoeding, die beplanning van struktuur van 'n aanbiedingskurrikulum, toepaslike veiligheidsaspekte, spesifieke fasiliterings- en assesseringstegnieke en die benutting en improvisasie van apparaat en hulpmiddels.

**BYVD411 BYBELKUNDE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders in staat te wees om die aard en aanbieding van Bybelonderrig te kan identifiseer. Verder sal hulle die skoolkurrikulum vir Bybelonderig moet kan identifiseer.

**COMD411 REKENAARWETENSKAP VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder vaardigheid te demonstreer ten einde Rekenaarstudie-vakinhoude effektief te kan onderrig. Dit sluit in: kennis, begrip en vaardigheid van die huidige ontwikkeling op die gebied van onderrig, leer en assessering binne Rekenaarstudie op skool; kennis en begrip van skoolsillabusse, die kurrikulum in skoolvoorgeskrewe hoëvlaktaal, die opstel van toetse en memorandum, assesseringswyses; voorbereiding, lesbeplanning, klasdissipline en die praktiese aanbieding van 'n Rekenaarstudieles.

**EKND411 EKONOMIE VAKDIDAKTIEK**

2½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van die nasionale kurrikulumverklaring te beskik en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot skoolverwante onderwerpe, kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in dië verband, oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede, samehangend en betroubaar te kan kommunikeer in individuele of in groepsverband en die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan graad 10 tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode te kan aanbied.

**ENGD411                    ENGLISH SECOND LANGUAGE SUBJECT DIDACTICS**

2 hours 3:2

Learners should be able to interpret second language acquisition theories and variables and interpret and evaluate various methods of teaching English second language. They should demonstrate knowledge of the principles of outcomes-based teaching and in specific the teaching of language outcomes and skills. Learners should apply the basic didactical principles in planning for instruction and demonstrate knowledge and skills regarding the principles of assessment. They should structure language learning experiences using instructional technology and project professional values in all educational operations.

**ENGD421                    ENGLISH SUBJECT DIDACTICS**

2 hours 3:2

Learners should be able to determine and discuss the theories that explain the development of the language skills. They should also be able to implement a variety of teaching methods and techniques and design instructional language activities and materials to teach the language arts. Learners should be able to identify and formulate language learning outcomes and implement a variety of assessment forms to assess the language arts. Learners should be able to develop language lessons within the framework of OBE and project professional and ethical values in all educational operations.

**ENGD422                    ENGLISH SECOND LANGUAGE SUBJECT DIDACTICS**

2 hours 3:2

Learners should be able to demonstrate the knowledge, skills and values regarding the application of knowledge to lesson planning and execution in the FET Phase. This includes listening, speaking, reading and writing lessons as well as the planning and execution of various types of lessons.

**FLVX411                    FISIOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Leerdere moet bewys kan lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van 'n verskeidenheid leersituasies in die fisiologie; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband en om die aanleer van laboratoriumtegnieke te fasiliteer.

**GEO411                    GEOGRAFIE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstree dat hy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die uitkomsgebaseerde benadering vir Geografie in die VOO-syllabus te kan toepas, asook die gebruik van atlasse, hulpmiddels, ekskursies en werkskaarte in Geografie te kan bespreek.

**GESD411                    GESKIEDENIS VAKDIDAKTIEK**

2 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat wees om kennis, vaardighede en waardes te kan demonstree met betrekking tot wat geskiedenis is, die waarde van geskiedenisendense in die onderrig van geskiedenis, hulpmiddels, uitkomsgebaseerde onderwys, spesifiek gerig op die VOO-fase.

**KNSD411 KUNS VAKDIDAKTIEK**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder sy CD-portfolio te kan afhandel deur:-

- 'n Skoolleerderportfolio vir kuns en kultuur te kan ontwerp vir praktiese gebruik op skool;
- 'n Kunsuitstalling te kan beplan;
- 'n Kinderkunsuitstalling te kan organiseer;
- Kennis en begrip te hê van die nuutste NKV, inhoudelik afgebaken volgens klasbesprekings;
- Self te kan kurrikuleer binne die leerarea kuns en kultuur met ingang van die praktiese lesstruktuur van kuns en kultuur;
- Inleidende kennis te hê vir die samestelling en aanbieding van 'n navorsingsvoorstel;
- 'n Toneeldekor te kan beplan en 'n model te kan bou soos vir skoolgebruik.

**LAKD411 LEERAREA KUNS EN KULTUUR VAKDIDAKTIEK**

2 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor omvattende, sistematiese en kritiese kennis, vaardighede en waardes te beskik ten opsigte van didaktiese beginsels in musiek soos lesbeplanning, onderrigmetodes, assessering, onderrig van ritmes, die rol van spel, navorsingsmetodes en mikrolesse.

**LEWD422 LEERAREA EKONOMIESE WETENSKAP VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder: Ekonomie tot graad 12, op die Uitkomsgebaseerde Onderwysmetode, te kan aanbied: Ekonomie in die kurrikulum en leerkurrikulum te kan ontleed: die vakbeleid van die Departement Onderwys van die Noordwes Provinsie te kan toepas: die rol van die vakadviseur te kan begryp en vereistes deur die vakadviseur gestel, te kan nakom en die rol ten opsigte van HIV/VIGS te verstaan en te kan uitvoer.

**LLOD411 LEWENSORIËTERING VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te lewer van bevoegdheid ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes betreffende die vakmetodiek van die leerarea. Lewensoriëntering teen die agtergrond van K2005 in die intermediêre- en seniorfase.

**LLOD421 LEWENSORIËTERING VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder bewys te lewer van bevoegdheid ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes betreffende die vakmetodiek van die leerarea Lewensoriëntering teen die agtergrond van K2005 in die senior- en VOO-fase.

**LMWD421 SOSIALE WETENSKAPPE VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder te kan demonstreer dat hy die nodige uitkomsgebaseerde kennis, vaardighede en waardes in die leerarea Sosiale Wetenskappe bemeester het met spesifieke toepassing van temas binne die sillabusinhoud van die

intermediêre- en senior- fase. Spesifieke aandag sal ook gegee word aan integrasie met ander leerareas.

**LNWD421                    NATUURWETENSKAP VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om as opvoeders in die leerarea Natuurwetenskap in die intermediêre en senior fase te kan funksioneer. Leerders behoort ook in staat te wees om die HNKV op 'n praktiese en didakties grondige wyse te kan implementeer.

**LTGD421                    TEGNOLOGIE VAKDIDAKTIEK**

2uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om as opvoeder, fasiliteerder en klaskamerbestuurder in die Seniorfase te kan funksioneer deur oor voldoende vakkennis en vaardighede van die leerarea tegnologie te beskik en dit vanuit 'n probleemgesentreerde perspektief te kan onderrig en assesseeer.

**MSVD411                    SKOOLMUSIEK VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die volgende te kan doen: musiekbeluistering; etniese oriëntering; die geskiedenis van klasmusiek; repertorium; proefklas; koördireksie.

**NASD411                    NATUUR-EN SKEIKUNDE VAKDIDAKTIEK**

3 uur 2:3

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder vaardighede te kan toepas in die gebruik van natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstreeer deur selfstandige ondersoek. Leerders moet ook bewys kan lewer van: kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer.

**OPSK514                    LEERDERONDERSTEUNING EN SKOOLVOORLIGTING VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat wees om leerderondersteuning en lewensoriëntering te kan fasiliteer of aan te bied ooreenkomstig die behoeftes wat die praktyk aan die voornemende onderwyser stel. Die leeruitkomste ten opsigte van leerderondersteuning in hierdie module is assessering en ondersteuning van leerders met alle soorte probleme, geremdheid en gestremdhede as spesiale behoeftes. Leerders behoort die assessering en ondersteuning prakties in alle kontekste te kan uitvoer, te wete in skool-, huis-, en kultuurkonteks. Dit sluit in kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van evaluering, remediëring, onderhoudvoering, multiprofessionele skakeling en verslagskrywing ten opsigte van leerders met spesiale behoeftes. Die leeruitkomste ten opsigte van Lewensoriëntering in hierdie module is die inrig en organisasie van die skoolvoorligtinglokaal, vorme (metodes) en skoolvoorligting, onderwysmiddele en skoolvoorligting, onderhoudvoering, verslaggewing in skoolvoorligting, steungewing in skoolvoorligting en multikulturele skoolvoorligting.

**OPVK512                    OPVOEDKUNDE: TOEGEPASTE ASPEKTE VAN OPVOEDKUNDIGE  
SIELKUNDE VIR ONDERWYSPRAKTYK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om: as rolmodel en voog op te tree in die onderwyspraktyk; vanuit 'n holistiese perspektief op menswees te kan bydra tot die bevordering van die welstand van die verskillende rolspelers wat betrokke is in die onderwyspraktyk; hindernisse tot leer te kan identifiseer en te hanteer binne 'n inklusiewe onderwysstelsel.

**OPVK513                    OPVOEDING: OPVOEDING, ONDERRIG EN LEER**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om opvoeding as verskynsel te begryp en te omskryf deur die basiese vrae in die filosofie van die opvoeding te identifiseer en te beantwoord vanuit basiese kennis van lesontwerp en die kurrikulumdoeltreffende lesse te ontwerp vir 'n spesifieke fase; effektiewe leer in die onderwyspraktyk te kan fasiliteer deur die toepassing van doeltreffende onderrigvaardighede; die skep van 'n gunstige klasklimaat; die motivering van leerders en die effektiewe assessering van leeruitkomste.

**PRON521\*                    PRAKTIESE ONDERWYS**

Praktiese onderwys is 'n verpligte deel van onderwysopleiding en studente moet apart daarvoor registreer. Dit is nodig dat aan al die vereistes soos hieronder uiteengesit, voldoen moet word ten einde te kwalifiseer vir die B.Ed-graad of vir NGOS. In kort kom Praktiese Onderwys daarop neer dat die studente tydens hul opleiding by die universiteit en by skole in situasies geplaas gaan word waarin hulle praktiese ondervinding, in die take wat hulle as onderwyser sal moet uitvoer, opdoen. Die doel met Praktiese Onderwys is om die volgende breë uitkomste, wat in die Praktiese Onderwysinligtingstukke vir elke jaargroep verfyn is, tot prestasie-indikatore (assesseringstandaarde) na te streef: Die student word professioneel verder gevorm deurdat: hy geleentheid kry om die kennis en insigte wat hy gedurende opleiding verkry het, toe te pas; hy geleentheid kry om kennis met betrekking tot die onderwyspraktyk uit te brei en hy deur refleksie en aanpassings 'n eie struktuur van kennis, ingesteldhede en vaardighede kan opbou en soedoende bemagtig word om sy taak as onderwyser te volvoer.

**REKD411                    REKENINGKUNDE VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om: die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en te kan toepas in die aanbieding van Rekeningkunde; voorbereid as Rekeningkunde-opvoeder te wees, die klaskamer te kan organiseer; ontleding van die skoolsillabus te kan doen; kennis van vakinhoud te hê en te kan oordra; verskillende onderrigbenaderings, -metodes, -media en -vaardighede te kan implementeer en kan toepas.

**SKUN521                    SPESIFIEKE KUNDIGHEID**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder spesifieke kundighede met betrekking tot geletterdheid en gesyferdheid, wat noodsaaklik is vir die intermediaêre fase, te kan onderrig.



**SPLA511                    SPESIALE LEERAREAS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die uitkomst in die kurrikulum wat van toepassing is in die intermediêre fase te kan identifiseer en suksesvol onderrig.

**SPVV421                    AANVULLENDE VAKDIDAKTIEKE: BYKOMENDE  
ENTREPRENEURSWAARDIGHEDE VIR OPVOEDERS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om entrepreneurskapvaardighede aan skoolleerders te onderrig, by hulle 'n begrip vir entrepreneursgesindheid en gepaste aksiestappe te vestig.

**TRVD411                    TOERISME VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om: die Nasionale Kurrikulumverklaring, van toepassing op die leerarea Toerisme in die VOO-fase, krities te kan analiseer, te evalueer en te implementeer; die 4 leeruitkomst van Toerisme te kan fasiliteer en assessee en die vaardigheid te toon in die ontwikkeling van onderrigmateriaal, beplanning en die toepassing van verskillende onderrigmetodes; effektief en saamehangend te kan kommunikeer en die vak Toerisme effektief en volgens eties gevestigde norme en waardes aan graad Gr 10- tot 12-leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering te kan aanbied.

**TSND411                    SETSWANA VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

You should be able to demonstrate knowledge and insight of curriculum 2005 in the learning area Languages. You should show knowledge and understanding of the theory regarding language tuition. You should be able to handle smaller and larger groups in the teaching and learning situation and assess them correctly. You should act ethically correct in the Setswana teaching situation.

**TSND421 :                    SETSWANA VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

At the end of the module you should be able to demonstrate the applied knowledge, skills and values regarding Outcomes Based Education. You should be able to demonstrate skills and understanding of the different parts in language teaching. This includes listening, speaking, reading and writing lessons as well as the planning and execution of various types of lessons.

**TSMD411                    SETSWANA (EERSTE TAAL) VAKDIDAKTIEK**

3 uur 1:1

The learner should be able to use the Policy document effectively for LLC learning; know and understand OBE terminology; explore a variety of outcomes based assessment strategies, methods and techniques; facilitate Setswana according to OBE requirements; master language skills and be able to present and structure the learning experience and be able to organise and manage Setswana as a language.

**TSMD421                    SETSWANA (EERSTE TAAL) VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

The learner should be able to use and demonstrate knowledge and skills with regard to the theoretical work of the former module; apply the OBE requirements in the integrated teaching and learning of intermediate and senior phase; collect, analyse and organise the necessary information for relevant use in the Setswana classroom.

**VWVD411                    VERBRUIKERSWETENSKAP VAKDIDAKTIEK**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om 'n omvattende kennis van assessering, klaskamerorganisering en klaskamerpraktyk, soos dit in die VOO-fase in Verbruikerswetenskap toegepas word, kan weergee en implementeer in die onderrigstuiasie. Jy behoort oor die vaardighede te beskik om die administratiewe eise van onderrig van Verbruikerswetenskap op effektiewe wyse te kan hanteer soos benodig vir die organisering van praktiese lesse en projekte en die samestelling van leerder- en fasiliteerdersportefuljes.

**WSKD412                    VAKDIDAKTIEK VAN WISKUNDE**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om grondige kennis, begrip, insig en vaardigheid te demonstreer met betrekking tot die beplanning en uitvoer van kragtige onderrig-leergeleenthede in die wiskundeklaskamer, met spesifieke verwysing na die volgende: uitkomsgebaseerde wiskunde-onderrig en -leer; die onderrig- en leer van wiskunde; die bemoontliking van die leer van wiskunde vir almal (inklusiewe onderrig); die effektiewe gebruik van tegnologie (sakrekenaars, grafiese sakrekenaars, rekenaarprogramme) in die wiskundeklaskamer.

**WSKD422                    VAKDIDAKTIEK VAN WISKUNDE**

3 uur 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder grondige kennis, begrip, insig en vaardigheid te demonstreer ten opsigte van die inhoud en struktuur van die skoolwiskundekurrikulum, die kernkonsepte en prosedures wat in skoolwiskunde geleer en onderrig word, die beplanning, implementering en evaluering van leerkontekste en leerprogramme om betekenisvolle leer moontlik te maak; die gebruik van 'n verskeidenheid wiskundige werkswyses waaronder projekte, ondersoeke en probleemoplossing. Leerders moet ook in staat wees om 'n onderrig-leerprojek in 'n toepaslike fase te beplan, uit te voer en 'n samehangende verslag daaroor te skryf.

**ZOND411                    ZOELOE SUBJECT DIDACTICS : GENERAL**

2 uur 1:1

At the end of the course the learner should be able to: know the theory and practice of foreign Language Acquisition; use the OBE Policy Document effectively for the LLC learning area; know and understand OBE terminology; know the various language assessment methods; know all the OBE requirements for the LLC learning area master language skills and be able to present and structure the learning experience; be able to organise and manage the IsiZulu classroom; know the different teaching media and teaching aids and know the theory of the production and usage of each of them.

2 uur 1:1

At the end of the course the learner should be able to: use and demonstrate knowledge and skills in regard to the theoretical work undertaken in ZOND411; apply the OBE requirements in integrated teaching of intermediate and senior phases; collect, analyse and organise the necessary information for relevant use in the IsiZulu classroom; use different teaching media and teaching aids and know how to produce each of them.